Matieland

Universiteit van Stellenbosch
Jaargang 11
Nommer 2 Augustus 1967

Werkgeleenthede

Die Federale Groep is stewig ingeskakel by die groei van Suid-Afrika. Trouens, hy gee dikwels die pas aan.
Met sy wydverspreide belange in die nywerheid, die mynbou en die handel, bied die Groep voortdurend 'n unieke verskeidenheid van tegniese, akademiese en administratiewe poste aan, asook aantreklike studiebeurse vir studente.
By die Federale Groep kan die man met inisiatief en ideale die vooruitgang, vervulling en sekuriteit kry wat gepaard gaan met gesonde groei. Kom bespreek gerus u toekoms met Federale Volksbeleggings Beperk.

FVB

DIE FEDERALE GROEP

VZ&R1376AX

Suid-Afrikaanse Lugdiens kies

Die Wêreld se Beste Brandewyn

Uit al die beskikbare brandewynsoorte
het Suid-Afrikaanse Lugdiens Oude Meester
gekies vir bediening aan sy passasiers—
in 'n eksklusiewe miniatuur-botteltjie
wat spesiaal vir S.A.L. verpak word.
Oude Meester—gekies as verteenwoordigend
van Suid-Afrikaanse Lugdiens se hoë
kwaliteitstandaarde wat wêreldoor bekend is.

Oude Meester

Likeurbrandewyn

OUD197a

?Kan u werklik bekostig om u finansies stuk-stuk te behartig?

Baie mense maak maar so. Hier 'n lening, daar weer 'n belegging. Elders 'n bietjie brandversekering, en dan weer 'n man wat raad moet gee met inkomstebelasting.
Daar is nooit 'n volledige finansiële prentjie nie.
Pleks dat al 'n mens se bates saam ingespan word in 'n beplande geheel, word finansiële kragte verspil.
(En tyd? Moenie praat nie!)
Maar daar **is** mense wat die volle voordeel van al hul bates geniet. Dis die mense wat gebruik maak van Santam se gespesialiseerde bank- en versekeringsdienste.

Alles onder een dak. Beleggings teen mededingende rentekoerse – plus bonusrente. Persoonlike lenings. Brandversekering. Motorversekering **plus** nog 70 ander soorte versekering. Beplanning en administrasie van alle sake. Advies. En nog meer. Kortom, 'n afgeronde, oorsigtelike, beplande prentjie. Die doen Santam Bank reeds sedert 1918 vir mense en instansies, groot en klein. Ook graag vir u. By u naaste Santamkantoor.

Santam Bank Beperk

Santam Versekeringsmaatskappy Beperk

KANTORE DWARSDEUR DIE REPUBLIEK, SUIDWES-AFRIKA EN RHODESIË

VZ&R3160A

In die jaar 2000 sal hierdie jong man in die vyftig wees—u ook

In die vyftig—en dis glad nie oud nie! U sal dan al sowat 25 jaar lank die vrugte gepluk het van u huidige opleiding—en u het miskien 'n seun wat u graag in u voetspore wil laat volg. U sal aan aftree begin dink en u het ongetwyfeld toekomsdrome vir daardie oudag—'n wêreldreis, miskien, of 'n huisie by die see—in hierdie stadium het u moontlik nog nie eers daaraan gedink nie. Die jong man hierbo het *wel* daaraan gedink. Hy het nog nie beplan wat hy gaan doen wanneer hy aftree nie— hy het net beplan om in die jaar 2000 *in staat* te wees om te doen wat hy wil, deur *op die regte ouderdom* te begin spaar deur middel van 'n Ou Mutual-uitkeerversekeringspolis. *U ouderdom is die regte ouderdom*—volg gerus sy voorbeeld. U sal weet presies hoeveel om gereeld opsy te sit—en dit is die maklikste manier om te spaar. Die belangrikste van alles is, van die oomblik dat die polis begin, sal u waardevolle lewensdekking geniet. U naaste Ou Mutual-kantoor sal dit met genoeë met u bespreek.

DIE OU MUTUAL

SUID-AFRIKAANSE ONDERLINGE LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP

SAM 436

GEMAK BEGIN HIER...



- Anatomiese snit vir volmaakte pas
- Maksimum liggaamsondersteuning
- Supersagte gekamde katoen
- Ogiestof of ‚Interlock'
- Drie ontwerpe om van te kies

PLUS

- „Nix" Reknylon-amperbroekies
- Veelkleur-katoenbroekies

Wolnit

-ONDERKLERE

VIR GEMAK EN DUURSAAMHEID

ORAL BY VOORAANSTAANDE HANDELAARS

W6039

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 11 NO. 2 AUGUSTUS 1967

In hierdie Uitgawe

Prof. Raymond William Wilcocks, 7
Bakens, 8
Van die Redaksie
Dr. T. E. Dönges, 9
Die Nuwe Voorkoms, 9
Dirkie Uys-Gedenkfondsbeurs, 9
Ons eer hul Nagedagtenis, 10
Vakmanne, 14
Hulde aan Prof. Mortie Malherbe, 16
Opening van D. F. Malan-Museum, 18
Aanvullende Gradedag- en Diplomaplegtigheid, 20
Die Dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds, 21
Nuwe Koshuis vir U.S., 23
Aanstelling aan U.S., 23
Nederlandse Universiteitshoof met Besoek, 23
Kursusse, 24
Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde as Studieveld, 24
Die Kuns van die Goud- en die Silwersmid, 25
B.A. in die Verpleegkunde, 26
Lugvaartkundige Ingenieurswese, 27
Gelukwense met besondere Prestasies, 28
Wenners van Medaljes, 29
Die Beste S.A. Studentekoerant van 1967, 30
Drie Geslagte Maties, 31
Tennisspringbok, 31
Faculty of Law, 32
Dommer of Slimmer as vandag s'n?, 32
Oud-Maties, 33
Dagbreek Vereer sy Tweede Premier, 33
Nou is Ek 'n Oud-Matie, 34
Nuus van Oud-Matiebondtakke, 34
Van Heinde en Ver, 35
Waardering uit Frankryk, 35
Maties op die Voorposte, 36
So het hulle Matieland help bou, 37
Spykers met koppe, 37
Dosente Oorsee, 37
Oud-Maties! U Adresse, 39

Voorbladfoto
'n Blik op 'n hoek van die uitstallings in die D. F. Malan-Museum wat ingerig is binne die Carnegie-Biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch. Links is aandenkings uit die openbare lewe van dr. Malan. Die dogter en seun wat die dokumente bestudeer, is Susan Cornelissen en Mareo Bekker, hoofdogter en hoofseun van die Hoërskool D. F. Malan te Bellville.

RAYMOND WILLIAM WILCOCKS

B.A., Ph.D. (Berlyn), D.C.L. (h.c.) (Oxon.), D.Comm. (h.c.) (Stell.)

23 Januarie 1892 - 16 Maart 1967

Oud-Rektor van die Universiteit van Stellenbosch 1935 - 1954

Matieland bring eerbiedige huldebetoon aan sy nagedagtenis

Bakens

Deesdae moet ons die landmeter se *penne* soek om die hoeke van ons erwe op die dorpe aan te dui, maar op sommige plase staan nog stewige klippilare wat as *bakens* opgerig is.

Daardie bakens hoef nie gesoek te word nie, en hulle word ook nie sommer uitgetrek of oornag verplant nie! Met die verkyker kon selfs gesien word of die vee buitekant hulle limiet of nog wel duskant was. Die grense was duidelik.

Maar vandag se penne word tot onder die grondoppervlakte ingedryf, en argeloos oortree jy soms, sonder om bewus te wees dat jy jou eiendom en eiendomlike verlaat het. Boonop wis ons soms die grense van ons dorpserwe uit en verwyder ons die heinings, om by ons en ons bure die indruk te wek dat ons meer ruimte het as bv. die skrale 60×100 voet, wat ten duurste gekoop en dikwels slegs gedeeltelik betaal is.

Die wondere van tegniek het ons ook gehelp om grense uit te wis. Vliegtuie bring wêreldstede binne enkele ure van mekaar. Die pers en die radio bring die mense se gedagtes bymekaar. Dit is opvallend dat, toe kommunikasie moeilik was, godsdienste en filosofieë van besonder hoogstaande gehalte moes wees om tyd en afstand te oorbrug en lewensvatbaar anderkant uit te kom, maar dat vandag, wanneer daar die gerieflike, vinnige verbindinge is, snert en oppervlakkigheid floreer.

„Boos is goed, en goed is boos :
Fladder deur vogdamp vuil en voos",

so tier die hekse in *Macbeth*.

Daarom vind ons dit so bemoedigend dat die A.S.B. op Stellenbosch deur die Eerste Minister, mnr. Vorster, gelukgewens kon word dat hulle nog in hierdie tyd oor idealisme kan beraadslaag.

Daarom is dit 'n baken in die kulturele lewe van Stellenbosch in die besonder, en vir ons land in 'n wyer sin, dat die D. F. Malan-museum hier kon geopen word.

Daarom is dit verblydend dat die leerstoel van Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde deur die bemiddeling van die A.T.K.V. aan die Universiteit van Stellenbosch kon ingestel word.

Stellenbosch se studente, soos alle ander studente, het die taak om duidelik te onderskei waar die limiete is. Ons reken daarop dat hulle hierin bygestaan sal word deur hulle ouers en hulle dosente.

Wyle dr. D. F. Malan het sy eie bakens van geloof duidelik gestel : „Jou God, jou Volk, jouself". Hiervolgens kon hy sy eie geografiese en geestelike limiete bepaal – en terselfdertyd dié van sy land. Groot is ons erkentlikheid dus teenoor wyle dr. Malan en sy gesin dat hierdie man se geloof en lewe in die museum helder uitgebeeld kon word. So kan die pad waarlangs hy gekom het, bestudeer word om ons koers vorentoe te help bepaal.

'n Groot taak rus op die Departement van Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde. Dit was 'n verhewe gedagte van mnr. J. P. Hugo, Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, toe hy met kommer in sy hart oor die toekoms van ons volk, aan die noodsaaklikheid van die gemelde leerstoel gedink het. Dit was 'n mosie van vertroue in die A.T.K.V. toe hy die Hoofvoorsitter, brigadier Marius van Vuuren, gevra het om so 'n kursus moontlik te maak.

Die A.T.K.V. het die uitdaging met beslistheid aanvaar, en R100,000 is tot die beskikking van die Universiteit gestel om die ideaal te verwesenlik. Dit was immers juis ook die A.T.K.V. wat in 1938 die wiele, wat kultureel en ekonomies diep, breë en blywende spore getrap het, oor Suid-Afrika laat rol het.

Stellenbosch is nie net bevoorreg deur die skenking nie, maar daar rus nou 'n nog groter verpligting op ons om die verlede te bestudeer en vir die toekoms koersvaste leiding te gee.

Van die Redaksie

Dr. T. E. Dönges

Innige meegevoel word betuig met ons verkose staatspresident, Sy Ed. dr. T. E. Dönges, vanweë sy ernstige siekte wat verhoed het dat sy inseëning as staatspresident kon plaasvind op 31 Mei 1967.

Mag mev. Dönges spesiale krag en genade van Bo ontvang in hierdie tyd waarin so baie spanning op haar druk.

Dr. Dönges is ook die kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, daarom voel *Matieland* soveel dieper mee met die gesin Dönges.

Die Nuwe Voorkoms

Het die lesers van *Matieland* opgemerk dat die buiteblad, afgesien van die foto's wat elke keer verskil, 'n verandering van die kopstuk ondergaan het?

Matieland het met sy Desember-uitgawe van 1966 die einde van sy eerste tien jaar beleef en 'n effense modernisering was nodig.

Die naam *Matieland* verskyn nou in sy geheel as een woord in die Garamond-lettertipe wat ook reeds in vorige uitgawes vir die binnewerk gebruik is. Dit bring ooreenstemming tussen die lettertipe van die buite- en binneblaaie soos vereis deur die tipografiese kuns.

Omdat *Matieland* voorheen in twee kleure, twee lettertipes en feitlik as twee woorde verskyn het, was sy lesers geneig om te praat van *Die Matie,* wat in werklikheid die tweeweeklikse studentekoerant van Stellenbosch is.

Die universiteitswapen is nou tot 'n ereplek verhef omdat dit aan die regterkant staan (die leser se linkerkant). Die wapen is wit omdat dit omgekeerd (reverse) verskyn en dus die kleur van die papier waarop dit gedruk is, vertoon. Die besonder presiese en netjiese wapen is oorgeteken deur mnr. A. Brillant van die Departement van Beeldende Kunste van die Universiteit.

Die data verskyn ook in omgekeerde lettertipe omdat swart nie duidelik wys op die sterk bruinrooi nie.

Die amptelike universiteitskleure, bruinrooi (maroon), silwer en ou-goud wat egter as 'n ryk geel op publikasies en drukwerk verskyn, word gebruik in die kopstuk.

Op die foto's op die buiteblad word nou nie meer op twee plekke inbreuk gemaak nie. Nogtans voel die fotograwe nog nie heeltemal gelukkig nie omdat die fotoruimte vierkantig is en nie 'n 3 x 4-verhouding het nie.

Die Garamond-lettertipe het baie moontlikhede. Dit bied 'n baie groot variasie om die verskillende artikels en hofies te onderskei — wat vir tydskrifte van groot belang is. Van 'n baie klein 6-punt letter, ongeveer 3/32 dm. hoog, kan tot 'n 72-punt letter, 5/8 dm. hoog, gewissel word in lettergroottes van 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 14, 18, 24, 30, 36, 42, 48, 60 en 72 punte. Daarbenewens beskik dit oor kursief (skuins letters), klein kapitale (spesiaal gesnyde hoofletters) en swart letters (Eng. : bold).

Hierdie sierlike lettersoort is na Claude Garamond, 'n vooraanstaande sewentiende-eeuse lettergieter, genoem. Vir geruime tyd is gemeen dat Garamond self die ontwerper was, maar dit is nou vasgestel dat die oorspronklike waarvan hierdie lettersoort in sy huidige vorm in 1922 gesny is, deur Jean Jannon ontwerp en in sy monsterboek van 1621 vertoon is.

Dirkie Uys-Gedenkfondsbeurs

Die trustees van die Dirkie Uys-gedenkfonds het hierdie fonds aan die Universiteit oorgedra, met dien verstande dat die rente van R750 per jaar wat die Fonds verdien, gebruik word vir die instelling van 'n beurs (of beurse) vir nagraadse studie op een of meer van die studiegebiede Bantoereg en -administrasie, Volkekunde en Afrika-studie.

Ons eer hul Nagedagtenis

PROF. R. W. WILCOCKS (1892-1967)
(*Oud-Rektor van die Universiteit van Stellenbosch*)

Professor Raymond William Wilcocks, gebore op 23 Januarie 1892 te Vryburg, is na 'n ongesteldheid van sewe maande op 16 Maart 1967, in die ouderdom van 75 jaar in die Stellenbosse hospitaal oorlede. Die duisende studente wat „Dr. Bobby" as professor of as rektor geken het, sal hom nog baie jare in dankbare herinnering hou.

Sy opvolger, dr. H. B. Thom, die huidige rektor, sê as huldebetuiging: „Hy sal aan die Universiteit van Stellenbosch veral onthou word vanweë sy insig, ondernemingsgees en toewyding in verband met die stigting van die Fakulteit van Ingenieurswese en die Fakulteit van Geneeskunde. Ons bring ook veral hulde aan hom as intelligente, sjarmante mens en lojale vriend. Deur sy heengaan het Stellenbosch en Suid-Afrika 'n briljante wetenskaplike en 'n groot man verloor."

Na sy skoolloopbaan op Stellenbosch is hy na die Victoria-Kollege en daarna na die Universiteit van Berlyn waar hy die doktorsgraad in die Sielkunde verwerf het. In 1917 is hy met mej. Beatrice Zerffi getroud en in dieselfde jaar is hy aangestel as hoogleraar in die Logika en Sielkunde aan die Victoria-Kollege. Die Departement Sielkunde is deur hom tot een van die sterkstes aan die Universiteit uitgebou.

In 1933 is dr. Wilcocks in die plek van wyle dr. W. Blommaert tot Voorsitter van die Senaat gekies. In 1934 is besluit om in stede van 'n Voorsitter van die Senaat, *'n Rektor van die Universiteit,* met 'n dienstermyn van vyf jaar, te benoem. Dr. Wilcocks is eenparig vir hierdie belangrike betrekking benoem in 1935 en is daarna telkens herkies totdat hy in 1954 afgetree het.

In die negentien jaar van rektorskap het die Universiteit merkwaardig gegroei. So is in 1943 die Fakulteit van Ingenieurswese ingestel en het Stellenbosch die eerste universiteit geword om ingenieurs in Afrikaans op te lei.

In 1934 is die Konservatorium vir Musiek oorgeneem sodat voorsiening gemaak is vir opleiding in Musiek en Voordrag. In 1937 is die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde ingestel. Dr. Wilcocks het hom sterk beywer vir die instelling van 'n Fakulteit van Geneeskunde met Afrikaans as voertaal. Dit het twee jaar na sy aftrede tot stand gekom. Talle akademiese geboue en 'n reeks koshuise is in sy tyd opgerig en die studentetal het meer as verdubbel.

Onder sy beroemde studente tel Sy Edele dr. T. E. Dönges, wat een van sy eerste studente was wat die M.A.-graad verwerf het en dr. H. F. Verwoerd wat die eerste student was wat in die Departement van Sielkunde die D.Phil.-graad behaal het.

Dr. Wilcocks was 'n harde werker – tot diep in die nagte. Teenoor sy medemens het hy beskeie en simpatiek opgetree, sodat hy onderhandelings kon voer, selfs met andersdenkendes, sonder om gevoelens te kwets, maar tog sy positiewe resultate te verkry deur sy taktvolheid.

Volgens dr. P. C. Schoonees, voorheen redakteur van Die Afrikaanse Woordeboek, sou die hele onderneming van die woordeboek doodgeloop het toe die regering in 1945 'n tyd lank geen geld tot beskikking gestel het nie, as dr. Wilcocks hom nie daaroor ontferm het nie. Toe gesaghebbendes die hele woordeboekonderneming wou afskryf, het dr. Wilcocks, as administratiewe leier van die Woordeboekkantoor, vasberade voortgegaan en na jarelange onderhandelinge die Woordeboek op hegte grondslag geplaas. So was hy ook 'n bouer van ons moedertaal.

As blyk van waardering van sy groot dienste het sy alma mater aan hom 'n eredoktorsgraad toegeken. Die nuwe gebou vir Lettere (1965) is ook na hom vernoem en tot sy dood was hy nog President van die Konvokasie.

Mag dit 'n troosryke gedagte vir sy weduwee, mev. Wilcocks, wees dat sy naam in die geskiedenis van hoër onderwys – nie net op Stellenbosch nie – onuitwisbaar staan.

PROF. MATTHYS HENDRIK SLABBER (1903-1967)

Prof. M. H. Slabber, D.Sc. in die Landbou, is op die aand van 30 Mei 1967 onverwags aan 'n hartaanval oorlede.

Prof. en mev. Slabber het 'n koshuisgeselligheid van landboustudente bygewoon toe hy skielik ongesteld geraak het en die saal moes verlaat. Hy is kort daarna in 'n hospitaal oorlede sonder dat sy studente dit geweet het.

Dr. Slabber is op 10 Oktober 1903 gebore. Op 7 Februarie 1927 is hy aangestel as Tydelike Navorsingsbeampte en op 2 Julie 1930 in permanente hoedanigheid. Op 1 Januarie 1937 het hy Vakkundige Beampte (Skeikunde) geword en op 9 Junie 1950 is hy bevorder tot Senior Vakkundige Beampte. Op 8 Mei 1953 het hy Assistent-Direkteur (Navorsing) van die Winterreënstreek geword.

Op 1 April 1954 is hy bevorder tot Prinsipaal van die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege van die Universiteit van Stellenbosch en Professor in die Landbouskeikunde, terwyl hy as amptenaar van die Departement van Landbou-tegniese Dienste bevorder is tot Hoof van die Winterreënstreek.

Tydens die begrafnisrede het dr. J. S. Gericke, Visekanselier van die Universiteit, aangehaal uit 2 Kronieke 26 : 10 waar verwys word na Ussia wat „'n liefhebber van die landbou" was. Professor Slabber was ook 'n liefhebber van die landbou. Sy hart was in sy werk en om dié rede het hy sy hoë amp met onderskeiding beklee. Hy was 'n eerlike en opregte mens en het die vertroue en agting geniet van die Universiteit van Stellenbosch, die Departement van Landbou-tegniese Dienste en die boere van die Winterreënstreek.

Ds. Gericke het gewag daarvan gemaak dat mense in sulke verantwoordelike posisies dikwels onverwags wegval en daarom is dit vir hom 'n troos dat prof. Slabber, wat voorheen ook as ouderling gedien het, gereed was om te gaan.

Innige meegevoel word betuig met mev. Slabber wat 11 jaar gelede haar enigste seun in 'n vliegtuigongeluk verloor het, asook met haar enigste dogter, mev. Jessica Mitchell.

PROF. J. P. VAN S. BRUWER (1914-1967)

Prof. dr. Johannes Petrus van Schalkwyk Bruwer, onderrektor van die Universiteit van Port Elizabeth, was een van die 25 persone aan boord van die Viscount Rietbok wat op Dinsdag, 14 Maart 1967, op sy rampspoedige vlug van Port Elizabeth na Oos-Londen naby Kayser-strand in die see gestort het en die dood van al die insittendes veroorsaak het.

Wyle prof. Bruwer is op 23 September 1914 op Barrydale gebore. Hy was getroud met mej. Cora Gutter van Fouriesburg. Hulle het twee seuns en twee dogters.

Prof. Bruwer is aan die Universiteit van Pretoria opgelei en was vyftien jaar lank sendingonderwyser in Zambia waar hy in verskeie rade gedien het en o.a. hoof was van 'n onderwyserskollege vir Naturelle. As

Prof. M. H. Slabber

Dr. J. P. v. S. Bruwer getuig ten gunste van Suid-Afrika voor die Wêreldhof te Den Haag 1965.

Christen was dit sy doel om, sonder sy eie beginsels prys te gee, goeie gesindheid te skep tussen ons bevolkingsgroepe. Geen wonder dus dat die Bantoe-, Kleurling- en Indiërgemeenskappe op sy begrafnis verteenwoordig was nie en telegramme van meegevoel aan mev. Bruwer gestuur is deur die President en die Onderpresident van Zambia en die President van Malawi.

Op 1 Januarie 1951 is hy aangestel as senior lektor in die Volkekunde aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy op 1 Januarie 1956 bevorder is tot professor.

Op 31 Desember 1963 het hy uit die diens getree omdat hy aangestel is as Kommissaris-generaal vir die inboorlingbevolking van Suidwes (1964). In dieselfde jaar is hy egter te Port Elizabeth aangestel as hoogleraar in die Volkekunde.

Prof. Bruwer was vroeër ook besoekende hoogleraar aan die Johns Hopkins-Universiteit in Washington, lid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns, lid van die Raad van die Universiteitskollege Fort Hare en voorsitter van die Raad van die Universiteitskollege van Zoeloeland.

As mens was hy minsaam, as kerkman godvrugtig, as volksman koersvas en as vakman gesaghebbend.

DS. C. G. R. DU TOIT

Ds. Du Toit is op 8 Mei 1967 deur 'n motor doodgery toe hy van die Pinksterbiduur af op pad huis toe was. Ds. Du Toit was reeds 80 jaar oud – die oudste seun van twaalf kinders.

Baie jare gelede het ds. Du Toit se vader die grond waarop die *stasie Du Toit,* Stellenbosch, aangelê is, aan die destydse regering geskenk.

OOM NIGRINI

In *Matieland* van Desember 1966 verskyn 'n foto op bladsy 26 van drie veterane, t.w. *Oom L. P. Nigrini,* Oom Stadion en Oom Jan Neethling, toe hulle saam met ander oud-Maties saamgetrek het in Oktober verlede jaar. Nou het Oom Jan Neethling as die enigste volbaard-grysaard op Stellenbosch oorgebly, want Oom Nigrini het in die ouderdom van 71 jaar heengegaan op 8 Mei vanjaar.

Hy het op Zeerust onderwys gegee, in 1960 afgetree en sedertdien op Stellenbosch gewoon. Ons meegevoel gaan uit na sy eggenote, sy dogter en drie kleinkinders.



DR. A. P. BLIGNAULT

Saam met dr. A. P. Blignault is vyf ander mense gedood en sy vrou Audrey, die geliefde skryfster, baie ernstig beseer tydens 'n motorongeluk op 2 Mei 1967 naby Fochville.

Op Stellenbosch het dr. Blignault in die Sielkunde gespesialiseer en was hy daarna drie jaar hoof van die Jan Kriel-Tehuis vir Epileptici, waar hy *Die Opvoeding van die Hele Kind* geskryf het. Daarna is hy na die Universiteit Kaapstad waar hy as mediese dokter opgelei is. Sedert die einde van 1958 tot sy dood was hy met onderskeiding redakteur van die S.A. Tydskrif vir Geneeskunde.

By sy graf het sy ou vriend en mede-Dagbreker, die Eerste Minister, mnr. B. J. Vorster, gesê: „Dit was goed om hom te ken. Dit was goed dat jou pad met sy pad gekruis het."

Onder die honderde mense wat aan hom die laaste eer bewys het, was twee kleurlingvroue, een van wie die dogter van Martha is wat so goed uit Audrey se werk bekend is.

DR. THEO PAUW (1903-1967)

Op 30 Mei is dr. Theo Pauw, bekende opvoedkundige, in die ouderdom van 64 jaar oorlede na 'n kort siekbed.

Dr. Pauw is op 6 Januarie 1903 op Piketberg gebore. In 1926 het hy die graad B.A. en in 1929 die graad B.Ed. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy het reeds in sy studentetyd 'n leidende rol gespeel en was o.a. voorsitter van die Studenteraad. In 1943 het hy 'n doktorsgraad in die Opvoedkunde behaal.

In 1950 is hy as hoof van die Paarlse Opleidingskollege aangestel. Hy was 'n ywerige lid en voorsitter van die S.A.O.U. (1949, 1950). In 1958 het hy sy betrekking bedank en sekretaris van die S.A.O.U. geword in welke hoedanigheid hy gedien het tot aan die begin van die jaar. Hy was egter nog die redakteur van *Die Unie* ten tyde van sy dood.

Hy laat sy eggenote, sy seun mnr. G. R. Pauw en 'n ongetroude dogter, Adoreé, agter.

BOSMAN DI RAVELLI (1882-1967)

Jan Gysbert Hugo Bosman is in Piketberg gebore as die seun van een van die musikale Bosman-broers, voorheen van Bottelary, Stellenbosch.

Die *Stellenbosch Student's Quarterly* wat die doen en late van die Victoria College se *Old Boys* deeglik dopgehou het, het in 1905 mnr. Bosman hartlik terug verwelkom nadat hy in 1898 in Duitsland in die musiek gaan studeer het. Oorsee het hy die naam van sy Italiaanse grootmoeder, *Di Ravelli,* aangeneem en as arties opgetree onder die naam Bosman di Ravelli.

In die veertien dae wat hy op Stellenbosch deurgebring het, het hy werke van Chopin in die C.J.V.-saal uitgevoer op 'n splinternuwe Blüthner concert grand piano wat bedoel was vir die Konservatorium, maar wat toe nog nie voltooid was nie.

Ons bring stille hulde aan die nagedagtenis van hierdie eerste in Europa beroemde Afrikaanse klaviervirtuoos.

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00
Alle Nommers altyd in Voorraad
Die Nuwe Terylene Oud-Matiedas
so pas ontvang

Skryf aan:

pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch

Posbus 49
Stellenbosch

Vakmanne

Prof. H. B. Thom skenk historiese bronnemateriaal

In Februarie vanjaar het die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch 'n versameling van historiese bronnemateriaal aan die Carnegie-Biblioteek van die Universiteit geskenk in die vertroue dat dit vir navorsers, veral op die gebiede van ons staatkunde, ekonomiese en sosiale verlede, van waarde sal wees.

Die waarde van die boeke word op tussen R4,000 en R5,000 gestel.

'n Geleentheid is derhalwe gereël om amptelik teenoor prof. Thom waardering te betuig namens die Raad van die Universiteit. Dr. J. S. Gericke, Vise-Kanselier van die Universiteit, het namens die Raad sy dank uitgespreek en gemeld van die besondere waarde wat die skenking het vir studente in die Geskiedenis.

Die skenking

Prof. G. P. J. Trümpelmann, sameroeper van die Biblioteekkomitee, het die skenking in ontvangs geneem met die woorde:

„Daar word vertel dat 'n Spaanse vors, Alfonso van Kastilië, eenkeer verklaar het, dat 'n beskaafde mens drie dinge benodig om 'n aangename lewe te lei: goeie vriende, goeie wyn en goeie boeke. Diegene van ons wat ons geagte Rektor ken, dink dat hy met Alfonso kan saamstem."

„Maar goeie vriende kom en gaan; goeie wyn kan mettertyd suur word. 'n Blywende waarde het alleen die goeie boeke. Wanneer die betrokke persoon bowendien 'n geleerde en 'n navorser van aansien is, word die band tussen boek en besitter nog hegter, omdat die boek sy onontbeerlike handlanger is."

„As ek u vertel dat die skenker die eerste van hierdie publikasies reeds in 1923 verkry het, terwyl hy nog 'n matrikulant was, dat hy sommige stukke van sy skenking gedurende sy studiejare in Den Haag en in Londen aangeskaf het, dan sal u besef dat ons hier boeke het wat 'n bekwame en ywerige navorser in 'n tydperk van baie jare met insig en toewyding vir sy wetenskaplike toerusting versamel het."

„Dit is inderdaad 'n versameling van gewigtige amptelike bronne en enkele nie-amptelike publikasies. Dit is 'n indrukwekkende reeks. Die lys wat die personeel van ons biblioteek opgestel het, beslaan nie minder as 9 foliovelle nie."

„Kwantiteit gaan hier gepaard met kwaliteit. Die publikasies het meesal betrekking op gebeure in die tweede helfte van die 19e eeu.

Daar is: *Proclamations, advertisements, and other official notices, published by the Government of the Cape of Good Hope. Jan.,* 1806–*May,* 1825; twee stelle van *Cape of Good Hope, Statistical Register* vanaf 1883 tot 1909, wat besonder waardevol is vir ekonomiese en sosiale navorsing; die *Cape Town Gazette* vanaf 1815; die kosbare notule van die Volksraad van die Oranje Vrystaat: *Notulen van de verrichtingen van den hoogedelen Volksraad te Bloemfontein,* vanaf 1854; *De locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek vanaf* 1888.

Ook enkele voorbeelde van kosbare spesiale verslae soos: *Report of Select Committee on the Jameson raid into the territory of the South African Republic,* 1896; *Correspondentie van de Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot de beroeringen in den aanvang van* 1896 (1896); *De Samenzwering tegen de Zuid-Afrikaansche Republiek* (uit het Blauw- en Groenboek), Kaapstad, 1896; *Report on the concentration camps in South Africa,* by the Committee of Padies appointed by the Secretary of State for War; containing reports on the camps in Natal, the Orange

River Colony, and the Transvaal, London, 1902; *Rechterlijke Kommissie v. Onderzoek naar de oorzaken van den omstandigheden met betrekking tot de recente Rebellie in Zuid-Afrika*: Notulen van getuienis, Des 1916; *Judicial Commission of Inquiry into the causes of and circumstances relating to the recent rebellion in South Africa.* Minutes of Evidence, 1916."

„So 'n kort opsomming laat hierdie waardevolle skenking nie ten volle tot sy reg kom nie."

Die Africana-Kamer

„Ons is gelukkig ook in staat om die versameling in 'n praglokaal te huisves – hierdie *Africana-kamer,* wat waarskynlik enig in sy soort is. Dit is so goed toegerus met die meeste van die oorspronklike werke van skrywers, dat dit moeilik is om nog daaraan toe te voeg. Dit is tewens versier met kunswerke van onskatbare waarde, soos die meesterstuk van Anton van Wouw, die borsbeeld van genl. Koos de la Rey, daardie enige borsbeeld van genl. De Wet wat Moses Kottler spesiaal vir ons Universiteit geskep het en daar in die hoek, twee 120 jaar oue skilderye, die enigste wat ons land nog van die werk van die skulder Knudsen besit."

„Terloops: weet u aan wie ons hierdie Africana-kamer te danke het? Aan prof. H. B. Thom! Dit heug die voorsitter van die biblioteekkomitee nog hoe hierdie vertrek sorgvuldig onder sy toesig beplan is en hoe hy die karige fondse so gerek het, dat dit gebou kon word."

„Dit is kenmerkend vir hom dat hy nie daarop gesteld is dat sy skenking as 'n geslote eenheid hier geplaas word nie, maar bepaal het dat die verskillende dele tussen al die ander werke gerangskik word, waarvan talle ook deur sy toedoen aan hierdie biblioteek geskenk is."

„Prof. Thom, wees verseker van ons opregte dank en waardering."

In sy bedanking het prof. Thom sy waardering uitgespreek vir wat gesê is. Hy voel oortuig dat die bronne in die biblioteek beter gebruik sal kan word as wanneer hulle in sy eie besit bly.

Dr. G. P. J. Trümpelmann betuig, as sameroeper van die Biblioteekkomitee, dank teenoor prof. H. B. Thom vir die skenking van historiese bronnemateriaal aan die Carnegie-Biblioteek tydens 'n geselligheid in die Africana-kamer. V.l.n.r.: Mev. H. B. Thom, mev. J. S. Gericke, prof. H. B. Thom (Rektor), prof. G. P. J. Trümpelmann, dr. J. S. Gericke (Vise-Kanselier).

Hulde aan Prof. Mortie Malherbe

Ongeveer 200 regsgeleerdes, aspirant-regsgeleerdes, familie en vriende het op 5 Mei 1967 in die Wilcocksgebou vergader om hulde te bring aan die nagedagtenis van wyle professor Mortie Malherbe wat van 1 Mei 1921 tot sy aftrede in 1954 hoogleraar was aan die regsfakulteit op Stellenbosch, deur 'n borsbeeld van homte onthul.

Met stille genot en 'n vonkeling in sy oog sou prof. Malherbe, as hy in lewende lywe teenwoordig kon gewees het, 'n bekende advokaat voor die Wêreldhof in Den Haag, professore, L.U.K.'s, Lede van die Volksraad, regters, ministers, die Regter-president en die Premier onder sy aanwesige oud-studente opgemerk het.

Die finale werk en reëlings is getref deur die Juridiese Vereniging onder voorsitterskap van mnr. Christo Wiese. 'n Lewensgrootte borsbeeld van glasvesel, gemaak deur mnr. Xenides, is deur die bydraes van Regsalumni moontlik gemaak. Dit is te sien in die Regsbiblioteek wat in besondere mate deur prof. Mortie opgebou is.

Prof. W. van der Westhuizen het kortliks die lewensloop geskets van prof. Mortie, wat 34 jaar lank, tot op tagtigjarige ouderdom, as professor opgetree het.

Die Leermeester

Dr. Andrew Beyers, Regter-president, het welsprekend geraak oor sy ou leermeester en latere kollega wat hy as een van die skerpsinnigste mense bestempel het. Hy was 'n hoogwaardige persoonlikheid, hoewel soms eksentriek. By hom was absolute intellektuele eerlikheid en 'n diepe liefde vir sy vaderland. Die Reg was vir hom nie net reëls nie, maar die doel self, want hy was 'n juristiese filosoof.

Soms was hy pynlik nugter in sy beskouings, want hy het nie veel gedink van suksesvolle advokate nie – hulle moet 'n bietjie skelm wees.

Oor homself het hy nie illusies gehad nie. Toe genl. Hertzog in 1927 prof. Mortie gevra het om Sekretaris van Buitelandse Sake in Londen te word, het hy dit nie aanvaar nie, maar sy kollega, dr. D. Bodenstein, aanbeveel.

Hy was 'n akademikus wat geglo het dat die onderliggende beginsel en die waarheid gesoek moet word tydens die student se studietyd – die praktyk sou die student later self gou optel. Daarom het hy geglo dat die Regsfakulteit Romeins-regtelik moet bly.

Sy Edele B. J. Vorster het die beeld onthul en verskeie anekdotes en gesegdes van prof. Malherbe opgehaal. So het prof. Malherbe in 'n oomblik van vertroulikheid na die koalisie tussen generaals Hertzog

Die Eerste Minister, Sy Ed. dr. B. J. Vorster, self 'n oud-student van prof. Malherbe, onthul die borsbeeld, terwyl dr. J. S. Gericke, vise-kanselier van die Universiteit van Stellenbosch toekyk.

Familielede van prof. M. Malherbe.
V.l.n.r.: Mev. Elsa du Plessis (kleindogter van prof. Malherbe), mev. A. C. Verloren van Themaat (eggenote van wyle dr. H. Verloren van Themaat), mev. E. B. Verloren van Themaat (dogter van prof. Malherbe en eggenote van dr. J. P. Verloren van Themaat) en mev. C. M. Andrag (suster van dr. J. P. Verloren van Themaat).

en Smuts aan mnr. Vorster gesê: „Ek *stem* vir dr. Malan, maar ek *staan* by genl. Hertzog, want ek het die Generaal *geken*."

Sy Gestalte

Die spreker het gesluit met: „Die ware teken van grootheid is nie wat mense van jou sê en dink onmiddellik ná jou dood nie, maar dat 'n man se gestalte groter word hoe verder jy van hom weg beweeg. As ons prof. Malherbe aan dié standaard toets, was hy 'n groot man in die volle sin van die woord. Daarom het hy 'n onuitwisbare indruk op ons gemaak".

Sy Kollega

In sy bedankingswoord het die Rektor, prof. H. B. Thom, sy dank uitgespreek teenoor die Juridiese Vereniging en ook gesê dat hy met groot vreugde verneem het dat die plan bestaan om van wyle dr. H. Verloren van Themaat ook 'n borsbeeld te laat

Juriste byeen tydens die onthulling van die borsbeeld van prof. M. Malherbe.
V.l.n.r.: Prof. W. M. van der Westhuizen (Dekaan van die Fakulteit van Regsgeleerdheid), Regter-President A. B. Beyers, Sy Ed. dr. B. J. Vorster (Eerste Minister), prof. H. B. Thom (Rektor) en mnr. Christo Wiese (Voorsitter van die Juridiese Vereniging: 1967).

maak. Dit is twee groot manne van Stellenbosch en Suid-Afrika teenoor wie Suid-Afrika 'n groot ereskuld het.

Besondere gaste by dié geleentheid was mev. A. C. Verloren van Themaat; haar skoondogter mev. E. B. Verloren van Themaat (dogter van prof. Malherbe en eggenote van wyle dr. J. P. Verloren van Themaat); mev. C. M. Andrag, 'n dogter van mev. A. C. Verloren van Themaat en mev. Elsa du Plessis, 'n kleindogter van mev. A. C. Verloren van Themaat. Weens swakke gesondheid kon mev. Mortie Malherbe nie teenwoordig wees nie.

Opening van D. F. Malan-Museum

„Kruger-huis van die Suide" – P. O Sauer

Op 22 Mei 1967 het die amptelike inwyding van die D. F. Malan-museum in die Carnegie-Biblioteek plaasgevind. (Die 22e Mei is die geboortedag van wyle dr. Malan.) Weens ongesteldheid kon mev. Maria Malan nie by die grootse gebeurtenis teenwoordig wees nie, maar die Malan-kinders, Danie, Hannes en Marietjie was almal teenwoordig.

Weens die ernstige siekte van dr. T. E. Dönges kon hy nie die opening waarneem nie. Dr. P. O. Sauer, wat as politikus en vriend baie na aan dr. Malan gelewe het, is dus gevra om op te tree.

Die Studeerkamer

Dr. Sauer het gesê die D. F. Malan-museum op Stellenbosch is vir Kaapland wat die Kruger-huis vir Transvaal is. Met verwysing na die studeerkamer wat 'n noukeurige replika is van die studeerkamer van Môrewag met elke artikel, van dr. Malan se bril tot sy wan-

Die studeerkamer van Môrewag is eintlik 'n dubbele vertrek, geskei deur 'n groot deur. Hierdie is die binneste een wat, soos uit die foto blyk, 'n ewebeeld is van hoe dit pas voor die dood van wyle dr. Malan daar uitgesien het.

In die replika van Môrewag se studeerkamer. V.l.n.r.: Mnr. Hannes Malan, dr. P. O. Sauer, mev. Marietjie Cilliers, dr. H. B. Thom (Rektor), ds. Danie Malan.

delstok, gordyne, boeke en matte op hulle presiese plekke, het dr. Sauer gesê: „Hierdie studeerkamer was die binneste breinsel van die Nasionale Party. Vir my lewe dr. Malan weer in hierdie museum. Hy het aan sy volk behoort en hierdie besondere nalatenskap wat hy bymekaar gemaak het, het hy weer aan sy volk bemaak."

Ds. D. F. Malan, oudste seun van wyle dr. Malan, het namens die familie gepraat en gemeld dat dit nie maklik was om van alles afstand te doen nie, want die studeerkamer in Môrewag in Verreweidestraat was die slagaar van daardie huis. Daardie bloedtoevoer het nie vir die behoeftes van die huis voorsiening gemaak nie, maar ook vir 'n baie groter liggaam – die volk van Suid-Afrika.

'n Waardige Monument

Die Rektor, dr. H. B. Thom, het die opening van die museum as die vervulling van 'n ideaal beskryf, want daar was altyd 'n noue band tussen dr. Malan en die Universiteit. As dr. Malan nie daar was nie, is dit twyfelagtig of die Universiteit van Stellenbosch vandag daar sou gewees het.

Reeds voor sy dood in 1959 het dr. Malan al die dokumente-materiaal en boeke in sy besit aan die Universiteit bemaak. In die begin van 1960 het prof. Thom finale reëlings met mev. Malan getref om dié nalatenskap na die Universiteit oor te bring en op so 'n wyse te bewaar dat dit 'n waardige monument ter gedagtenis aan dr. Malan sou wees.

Met die medewerking van mev. Malan en die kinders is besluit om die versameling veel omvattender uit te bou, sodat dit so 'n volledig moontlike beeld van die lewe en werk van dr. Malan sou bied. Alle voorwerpe in die studeerkamer is dus in bruikleen aan die Universiteit afgestaan en na die dood van mev. Malan sal dit die eiendom van die Universiteit word.

Die Uitvoering

Dr. Bun Booyens het met geesdrif en insig uitvoering gegee aan die grootse opdrag en maande van sy tyd aan die inrig van die museum gewy. Dit moes meer word as 'n versameling dokumente – dit moes 'n bron word van voortdurende inspirasie vir ons jongmense. Die *versameling* is tot drie afsonderlike afdelings uitgebou: die *studeerkamer* van Môrewag, die *uitstalling* van artikels en briewe, en die *argief*.

Die studeerkamer is tot in die fynste besonderhede gerekonstrueer. Daar is geslaag om die alledaagse lewenswyse binne die studeerkamer weer te gee en om die intimiteit van die atmosfeer te bewaar.

Die uitstalling toon geselekteerde dokumente uit die ganse lewe van dr. Malan. Dit beeld sy kinderdae,

studentetyd, predikantskap, *De Burger*-tydperk en sy volledige politieke lewe tot sy laaste skof toe die aandskadu's vir hom in Môrewag gedaal het en hy gewag het op die nuwe môre.

Bepaalde fasette van dr. Malan se veelsydige lewe is nader belig soos sy aandeel in die vlagstryd, sy verhouding tot die Stellenbosse studente en as volksman. Talle uitgesoekte foto's, gebruiksartikels, oorkondes, adresse en briewe belig die verskillende aspekte.

Die oorgrote deel van die dokumente word voorlopig as geslote argiefmateriaal bewaar totdat dit gekatalogiseer en behoorlik gehuisves is. Daarna sal dit, met verlof van die Universiteit, aan bona fide navorsers beskikbaar gestel word.

Prof. H. B. Thom

Prof. Thom het steeds die waardige en besielende huisvesting beklemtoon en het geraap en geskraap om vir ons land die nagedagtenis van dr. Malan in hierdie vorm te bewaar. Die voltooide projek sal nagenoeg R20,000 kos en die eer kom die Rektor toe dat die Universiteit nie 'n sent by 'n ander instansie geleen het nie.

Waardering en dank moet aan mev. Maria Malan gebring word wat die gesindheid: *Dr. Malan behoort aan sy volk* geopenbaar het en deur haar kinders ondersteun is – daarom is die museum so omvattend.

D. F. Malan-medalje

Namens die Akademie vir Wetenskap en Kuns het prof. W. Kempen 'n D. F. Malan-medalje van soliede goud aan die Rektor oorhandig om ook by die versameling te voeg.

Ook die publiek is hartlik welkom om die uitstalling te besigtig tydens biblioteekure: 8.30–12.50 nm.; 2.00–6.00 nm.; 7.30–9.30 nm. (uitgesonderd Vrydag- en Saterdagaande).

Aanvullende Gradedag- en Diplomaplegtigheid

Op 3 Maart, tydens die aanvullende gradedag- en diplomaplegtigheid, is 6 doktorsgrade, 49 magistersgrade, 82 honneurs-baccalaureusgrade, 131 baccalaureusgrade en 68 diplomas toegeken.

Die graad D.Litt is toegeken aan mnr. P. H. de V. Uys; die graad D.Phil aan mnr. T. J. Roos; die graad D.Sc. aan mnr. J. P. van der Merwe; die graad D.Ed. aan mnre. H. Boshoff en G. S. Venter en die graad D.Sc. in die Landbou aan mnr. L. P. Vosloo.

Nuwe Doktore.
V.l.n.r. (voorste ry): Mnre. P. H. de V. Uys, T. J. Roos, J. P. van der Merwe, H. Boshoff, G. S. Venter, L. P. Vosloo.

Die Dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds

(BESKERMHEER: SY EDELE ADV. B. J. VORSTER)

Geagte Oud-Matie,

Die gedagte het by 'n aantal van ons Oud-Maties ontstaan om, as 'n huldeblyk teenoor wyle dr. H. F. Verwoerd as Oud-Matie, 'n studiefonds aan die Universiteit van Stellenbosch in te stel wat sy naam sal dra. Dit is ons begeerte dat die Oud-Maties langs hierdie weg 'n lewende monument vir hierdie groot seun van ons universiteit en ons land sal oprig.

Enige bedrag sal baie welkom wees – maar ons wil u tog vriendelik vra om, indien enigsins moontlik, 'n minimum-bedrag van R20 te oorweeg. Indien u dit so verkies, kan u bydrae ook in twee paaiemente betaal word.

Daar is 'n groot behoefte aan 'n studiefonds vir studente wat nie genoeg uitblink om vir ander beurse te kwalifiseer nie, maar tog verdienstelik genoeg is om 'n sukses van hul studie te maak en 'n positiewe bydrae tot die ontwikkeling van ons land te lewer.

Die Komitee het die Fonds met 'n bydrae van R5,000.00 geopen.

Alle bydraes moet betaalbaar gemaak word aan die Dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds en aan *mnr. F. D. Conradie, L.U.K., Posbus 456, Kaapstad* gestuur word.

F. D. CONRADIE
Namens die Komitee van die dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds

(Uittreksels uit 'n omsendbrief van mnr. F. D. Conradie, L.U.K., 27 Mei 1967.)

Naam en Adres van Donateur

Sy Edele Adv. B. J. Vorster, mev. Tini Vorster en mej. Elsa Vorster, Die Volksraad, Kaapstad	60.00
Dr. C. F. Albertyn, Saambou-gebou 1123, Kaapstad	100.00
Mnr. J. A. M. Archer, Joostestraat 4, Bellville, K.P.	100.00
Mnr. D. V. Benade, Posbus 344, Paarl	100.00
Sy Edele M. C. Botha, Die Volksraad, Kaapstad	50.00
Mnr. S. P. Botha, L.V., Die Volksraad, Kaapstad	50.00
Dr. J. W. Brandt, L.V., Die Volksraad, Kaapstad	100.00
Mnr. D. S. v. d. M. Brink, L.U.K., Pretoria ...	100.00
Sy Edele B. Coetzee, Die Volksraad, Kaapstad	25.00
Dr. P. S. Z. Coetzee, Andries Pretoriusstraat 110, Bloemfontein	50.00
Mnr. F. D. Conradie, L.U.K., Kaapstad	100.00
Dr. M. H. de Kock, Beach Court 501, Seepunt	100.00
Dr. W. P. de Kock, Maudestraat 56, Florida	100.00
Adv. D. P. de Villiers, S.A., Kaapstad	100.00
Mnr. D. P. de Villiers, Posbus 1, Sasolburg ...	100.00
Mnr. P. de Wet, Posbus 3824, Kaapstad	50.00
Mnr. C. G. du Plessis, Posbus 539, Kaapstad ...	25.00
Mnr. D. G. du Plessis, Sanlam, Sanlamhof ...	50.00
Mnr. A. P. du Preez, Sanlamsentrum 414, Kaapstad	100.00
Mnr. A. du Toit, p/a K.W.V., Suider Paarl ...	100.00
Mnr. T. du Toit, Posbus 834, Pretoria	100.00
Sy Edele J. J. Fouche, Die Volksraad, Kaapstad	100.00

Dr. D. G. Franzen, Posbus 427, Pretoria ...	100.00
Sy Edele J. F. W. Haak, Die Volksraad, Kaapstad	100.00
Dr. P. D. Henning, Brooklyn, Pretoria	50.10
Mnr. C. J. F. Human, Posbus 3079, Kaapstad	100.00
Dr. G. S. J. Kuschke, Korporasiegebou 1015, Johannesburg	100.00
Mnr. F. A. Loots, L.U.K., Kaapstad	75.00
Dr. M. S. Louw, Posbus 3973, Kaapstad	100.00
Mnr. J. du T. MacLachlan, Posbus 686, Kaapstad	50.00
Prof. A. I. Malan, Mortimerlaan 737, Pretoria	120.00
Mnr. D. G. Malan, Posbus 2171, Kaapstad ...	100.00
Mnr. H. R. Malan, Posbus 692, Kaapstad ...	50.00
Mnr. Jan S. Marais, Posbus 353, Kaapstad ...	100.00
Mnr. H. S. Marais, Posbus 9594, Johannesburg	25.00
Dr. F. Meyer, Brooklyn, Pretoria	100.25
Mnr. P. H. Meyer, L.V., Die Volksraad, Kaapstad	100.00
Dr. S. M. Naude, Posbus 395, Pretoria ...	100.00
Dr. C. H. Neveling, Groenkloof, Pretoria ...	100.00
Prof. W. J. Pretorius, Klein Reservoirstraat 14, Paarl	100.00
Mnr. H. H. Rolfes, Posbus 98, Welkom ...	250.00
Mnr. P. K. Roos, Hoofstraat 367, Paarl	100.00
Dr. P. E. Rousseau, Posbus 1, Sasolburg	100.00
Sy Edele P. O. Sauer, Die Senaat, Kaapstad ...	100.00
Prof. C. G. W. Schumann, Rowanstraat, Stellenbosch	100.50
Dr. T. E. W. Schumann, Privaatsak 256, Pretoria	40.00
Adv. F. Smuts, S.A., Hooggeregshof, Bloemfontein	100.00
Regter J. H. Steyn, Waalstraat 4, Kaapstad ...	100.00
Hoofregter L. C. Steyn, Posbus 258, Bloemfontein	100.00
Prof. H. B. Thom, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch	100.00
Dr. A. P. Treurnicht, Scouts Place 23, Pinelands	25.00
Mnr. J. G. van der Horst, Posbus 66, Kaapstad	100.00
Dr. A. J. van der Merwe, Oranjezicht, Kaapstad	20.00
Mnr. J. A. H. van Niekerk, Posbus 1099, Johannesburg	50.00
Dr. P. W. Vorster, Departement Landbou Tegniese Dienste, Pretoria	100.00
Mnr. P. A. Weber, Posbus 692, Kaapstad ...	50.00
Mnr. H. R. van der Poel, Salisburystraat 32, Bellville	20.00
Mnr. D. G. Roux, De Beersweg 108, Strand	25.05
Dr. D. Hey, Departement van Natuurbewaring, Kaapstad	10.00
Prof. Erika Theron, Departement van Maatskaplike Werk, Universiteit Stellenbosch ...	150.00
Dr. P. Koornhof, L.V., Die Volksraad, Kaapstad	20.00
Mej. A. Pretorius, Transvalia Wes, Heidelberg, Tvl.	.20
Dr. T. B. Barlow, Grotto-weg, Rondebosch ...	20.00
Mnr. J. I. de Villiers, Welkomplaas, Simonstad	50.00
Mnr. D. A. Scholtz, Posbus 8124, Johannesburg	20.00
Mnr. R. v. R. Barry, Posbus 15, Calitzdorp	40.00
Dr. H. C. de Wet, Faganstraat 89, Strand ...	20.00
Ds. G. J. P. Kriel, Die Pastorie, Koringberg	20.00
Dr. J. J. P. Op't Hof, Privaatsak 122, Pretoria	25.00
Mnr. D. T. de Jager, Posbus 5, Kareedouw ...	20.00
Mnr. D. van Velden, Steenstraat 45, Rustenburg	20.10
Dr. N. Reinach, Ivystraat 10, Pretoria	20.00
Ds. L. P. Spies, Posbus 7854, Johannesburg	20.00
Mnr. J. H. Heyns, Posbus 18, Goodwood ...	20.00
Mnr. M. B. Brink, Hoër Volkskool, Graaff-Reinet	20.05
Mnr. J. A. Coffee, Posbus 106, Kimberley ...	20.00
Dr. I. van Z. Marais, Southeystraat 33, Harrismith	20.00
Ds. Jac. Conradie, Tuine, Kaapstad	10.00
Mnr. I. P. Kirsten, Posbus 12, Despatch ...	20.00
Mnr. C. J. de Beer, Posbus 2330, Pretoria ...	20.00
Mnr. F. G. J. Wiid, Posbus 83, Vereeniging	20.00
Mnr. W. Theron, Jan Cilliersstraat 44, Parow-Noord	25.00
Mnr. A. A. Slabber, Christellahof 9, Stellenbosch	20.00
Prof. Dr. W. Boeddinghaus, Webbstraat 5, Bloemfontein	12.00
Mnr. W. de V. de Wet, Le Chasseur, Robertson	40.00
Mnr. H. S. van der Linde, Huis Goudini, Rawsonville	25.00
Mnr. J. P. Zietsman, San Carlo 32, Seepunt ...	20.00
Mnr. E. L. Dommisse, Windellstraat 5, Durbanville	8.00
Mej. P. Pauw, Kloof Hill 15, Kaapstad	20.00
Mnr. J. F. R. van Niekerk, Fouriestraat 6, Heidelberg, K.P.	20.05
P. A. en C. G. du Toit, Hoërskool, Calvinia	5.05
J. en A. Andersen, De Villiersstraat 9, Beaufort-Wes	25.00
Mev. E. Verwoerd en haar kinders Wilhelm, Anna, Elsabet en Hendrik, Kesselaarlaan 5, Brummeria, Pk. Meyerspark, Pretoria ...	236.59
Mnr. B. P. Lochner, Rembrandtstraat 22, Bellville	10.00
Mnr. en mev. G. D. Botha, Posbus 195, Reitz	5.00
Mnr. J. W. du Preez, Pietermaritzburg	20.00
Prof. John de Villiers, Rivertonweg 30, Rondebosch	10.00
Mnr. E. J. Rossouw, Bonne Esperance, De Doorns	20.00
Mnr. A. B. Rust, Posbus 71, Grabouw	25.00
Anoniem, Pretoria	10.00
Dr. D. H. Steyn, Armondeweg 42, Pretoria ...	20.00
Mnr. P. T. van der Merwe, Posbus 3079, Kaapstad	25.00
Mnr. E. A. Buhr, Nieuwoudtville	25.00
Ds. H. J. Klem, Posbus 445, Otjiwarongo ...	20.00
Mnr. M. G. J. J. van Rensburg, Kempton Park, Transvaal	20.00
Mnr. B. van der Merwe, Posbus 11077, Pretoria	20.10
Ds. en mev. F. P. Papenfus, Die Pastorie, Pk. Grootdrink	20.00

Mnr. J. D. L. Kruger, Posbus 141, Randburg	20.00
Vriendin, Worcester	20.00
Regter S. Hofmeyr, Hooggeregshof, Bloemfontein	20.10
Ds. C. P. van der Merwe, Die Pastorie, Pk. Dendron	20.00
Mnr. J. E. Potgieter, Rietfontein, Pk. Langverwacht	50.20
Mnr. en mev. H. Bruwer, Posbus 11, Klein Aub, S.W.A.	3.00
Mnr. N. Nieder-Heitmann, Posbus 288, Rustenburg	5.00
Mnr. R. van R. Barry, Reitzstraat 53, Robertson	10.00
Ds. H. J. C. Snijders, Observatory, Johannesburg	20.00
Mnr. W. J. van Aarde, Nooitgedacht, Riebeek-Wes	20.00
Dr. M. D. Banghart, Monmouthlaan 9, Claremont	50.00
Mnr. S. E. Terblanche, p/a Die Prokureur-Generaal, Kaapstad	10.00
Mej. J. H. Lombard, Fontein, Adelaide	20.05
Mnr. G. F. Agenbag, Posbus 380, Walvisbaai	25.00
Ds. H. J. Wiegand, Bloemfontein	20.00
Mnr. P. S. Meyer, Posbus 102, Graaff-Reinet	20.05
Ds. W. Fullard, Posbus 18, Riebeek Kasteel ...	10.00
Mnr. G. P. Lochner, Kleinverwacht, Kuilsrivier	20.00
Mnr. A. Bekker, Posbus 6, Noupoort	20.00
Mnr. D. S. van Eeden, Pretoria	30.00
Mnr. S. F. du Toit, p/a Hoërskool Zwaanswyk, Retreat	25.00
Mnr. F. E. du Toit, Devon View 4, Rondebosch	25.00
Mnr. I. C. Wessels, Opleidingskool Sigcan, Flagstaff	25.00
Mnr. W. S. van der Merwe, Voorstraat, Utrecht	50.00
Mnr. S. C. P. Louw, Hoërskool, Fraserburg ...	20.00
Dr. J. D. Mohr, Monumentstraat, Piketberg ...	20.05
Ds. J. N. F. O'Kennedy, Argyleweg, Nuweland, K.P.	10.00
Mnr. J. Swanepoel, Universiteit van die Noorde, Pk. Sovenga	20.00
Totaal (13/6/1967)	R6731.49

Nuwe koshuise aan U. S.

Die Universiteitsraad het besluit om op Stellenbosch 'n nuwe dameskoshuis wat vir 132 studente voorsiening sal maak, asook 'n koshuis vir Geneeskundestudente te Tiervlei, op te rig. Die koshuis in Tiervlei sal so beplan word dat daar een sentrale kombuis is waaruit drie afsonderlike eetkamers uiteindelik bedien sal kan word. In hierdie koshuis sal die inwonende studente om die helfte in enkelkamers en dubbelkamers gehuisves word.

Aanstelling vir U. S.

Die Minister van Landbou-tegniese Dienste het die aanstelling van *dr. P. C. Belonje* as senior lektor in Dierefisiologie goedgekeur.

Mnr. J. MacKinnon is bevorder tot lektor in Wiskunde.

Nederlandse Universiteitshoof met Besoek

Prof. W. F. de Gaay Fortman, Rektor van die Vrye Universiteit van Amsterdam, het op 23 Maart besoek afgelê aan die Universiteit van Stellenbosch en is onthaal deur sy kollega, prof. H. B. Thom.

Prof. Fortman is hoogleraar in burgerlike reg, handelsreg en arbeidsreg. Hy was, benewens talle liggame waarin hy nog dien, ook lid van die Adviesraad vir Kuiturele Samewerking in 1960 en nog onlangs lid van die Nasionale Raad van Advies insake hulpverlening aan minderontwikkelde lande. Op verskillende tye was hy kabinetsinformateur in Nederland.

Prof. de Gaay Fortman saam met prof. Thom in die kantoor van laasgenoemde.
V.l.n.r.: Mnr. J. Saaiman (Skakelbeampte van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap), mnr. A. J. Esterhuyse (Openbare Inligtingsbeampte van die Universiteit van Stellenbosch), prof. de Gaay Fortman, prof. H. B. Thom, dr. Simonsz (Kultuurattaché van die Nederlande).



Kursusse

Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde as Studieveld

Terwyl ons land in die na-oorlogse jare ekonomies, industrieel en staatkundig gedy en tot wasdom gekom het, was daar bekommernis by kultuurleiers en -liggame oor die kwyning van 'n lewenskragtige kultuurbelangstelling by ons jongmense en gevolglik ook oor die toekoms van 'n eie volkskultuurlewe. Dit was veral die A.T.K.V. wat voortdurend sterk bewus was van hierdie tendense.

Na gewigtige voorbereidingswerk en oorlegpleging met prof. dr. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, oor die afgelope paar jaar het die A.T.K.V. uiteindelik daartoe oorgegaan om 'n bedrag van R100,000 beskikbaar te stel, die rente-opbrengs waarvan aangewend moes word om 'n leerstoel in die Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde aan die Universiteit van Stellenbosch in te stel. By die aanvang van die akademiese jaar vanjaar het die gemeenskaplike ideaal van die A.T.K.V. en die Universiteit tot verwesenliking gekom toe die Departement van Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde amptelik met sy werk kon begin. Dit sou die eerste keer wees dat sodanig studierigting op so 'n omvattende, selfstandige wyse aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit aangepak word.

Volkskunde is die wetenskap wat kennis omtrent die volk in die oog het. Dit is die bestudering van die volk in eie omgewing, van verskynsels wat tipies, karakteristiek van die volk is; dit soek verklarings vir hierdie verskynsels en probeer aldus tot vollediger kennis van die besondere volksaard kom. Die benaming van die Departement lê egter ook klem op die kultuurinhoud van die kursusse wat aangebied sal word. Daar is 'n behoefte aan 'n bestudering van die Afrikaner se kultuursituasie te midde van wisselende omstandighede. Daar sal gevolglik besondere aandag geskenk word aan ons beskawingskultuur, die bestudering van die kultuurgroeipunte en -voortbrengsels van die blanke beskawing hier te lande.

Die inhoud van die B.A.-kursus, versprei oor drie jaar, sal o.a. die volgende gebiede behels: Inleiding tot die studie van die Volkskunde (gebied, grondbeginsels, historiese ontwikkeling, ens.); Afrikaanse volkskuns (volksmusiek, volksliedere, volkstaal, volksverhaal); Afrikaanse stoflike kultuur (museumkunde, kleredrag, meubels, huisversiering, woningbou en woning-inrigting, ens.); Afrikaanse lewensvorme (gebruike, sedes en gewoontes, ens.); Afrikaanse volkswysheid, -geneeskunde, plant-, diere- en weerlore, ens. Origens sal die kursusse rekenskap probeer gee van die kultuurlewe van die Afrikaner soos dit gestalte aangeneem het in die verskeidenheid geestesvoortbrengsels waaroor ons beskik. Die historiese stamverwantskap van die Afrikaner is van die allergrootste betekenis wanneer dit by die verklaring van bepaalde kultuur- en lewensvorme daarbuite kom, sodat studente die geleentheid sal geniet om die fundamentele kultuurbydrae van ons Nederlandse, Duitse en Franse stamouers na te gaan en verder die Engelse kultuurinvloed oor die afgelope 150 jaar te ontleed.

Kragtens 'n onlangse besluit van die Senaat sal Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde as *eerste- of tweedejaarsbyvak* vir 'n graad of diploma geneem mag word. As hoofvak vir die B.A.-graad sal dit binne 'n wye vakkombinasie geneem kan word, sodat die kursusse binne bereik van die grootste aantal studente vir die B.A.-graad geplaas word. Die enigste vereiste is dat wanneer Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde as *hoofvak* vir die B.A.-graad gekies word, Afrikaans-Nederlands tot op tweedejaarsvlak by sodanige graadkursus aangebied moet word. Die B.A.-kursus met dié vak as een van die hoofvakke lei verder tot nagraadse graadkursusse in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde. In die beplanning van die graadkursus word ook oor-

weging geskenk aan 'n deeglike studie van museumkunde en die reëling van praktiese werk in hierdie verband.

Hierdie is 'n agtergrondsvak en daar sal met die kursus beoog word om die gees van die student te verryk, te verdiep en te verbreed en om hom te help om tot *vollediger mens* te ontwikkel. As sódanig behoort Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde 'n besondere bydrae te lewer tot die geestelike toerusting van voornemende onderwysers, predikante, joernaliste, radio-omroepers, biblioteek- en museumkundiges, musiek- en toneelleiers en jongmense wat hul voorberei vir 'n loopbaan in die buitelandse diens. Die vak sluit op natuurlike wyse aan by ander geesteswetenskappe soos Geskiedenis, Geografie, Afrikaanse Letter- en Taalkunde, Sosiologie, Volkekunde, Musiek, en so meer sodat studente binne die verskillende vakkombinasies ook met vrug kan put uit hierdie sustervakgebiede.

Die nuwe departement wil ook probeer om 'n middel te wees waardeur die jong Afrikanerstudent, te midde van die gees van die tyd waarin ons lewe, gelei kan word tot 'n beter begrip en waardering van ons swaar-verworwe *volkseie.*

DR. BUN BOOYENS

Enkele gaste by geleentheid van 'n funksie op 21 April 1967 ter viering van die stigting van 'n Departement van Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, wat deur die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) aan die Universiteit van Stellenbosch moontlik gemaak is.
V.l.n.r.: Dr. Bun Booyens (senior lektor in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde), brig. M. van Vuuren (Hoofvoorsitter van die A.T.K.V.), prof. H. B. Thom (Rektor van die Universiteit), mnr. J. P. Hugo (Hoofbestuurder van die S.A.S.), mnr. V. P. B. Horne (Hoofsekretaris van die A.T.K.V.).



Die Kuns van die Goud- en die Silwersmid

Die Departement van Beeldende Kunste is een van die jongstes van die Universiteit van Stellenbosch, maar die eerste studente het reeds hulle kursusse voltooi en in die Eeufeesjaar hulle grade ontvang.

Die Departement bied kursusse aan in grafiek, fotografie, tekstielontwerp en metaalkuns.

Die afdeling vir metaalkuns is die jongste van die Departement. Dit is opgebou deur die skrywer hiervan wat vir díe doel in Januarie 1966 na Stellenbosch gekom het.

Die metaalkunsafdeling bied twee kursusse aan, een vir goudsmitte en een vir silwersmitte. Die benaming goudsmid en silwersmid is dikwels misleidend. Die verskil lê naamlik nie in die metale wat hulle gebruik nie, maar in die artikels wat hulle produseer.

'n Mens sou eintlik liewer van 'n *sieraadsmid* en 'n *gereismid* praat, d.w.s. 'n silwer*ring* word deur 'n goudsmid gemaak en 'n goue *beker* deur die silwersmid.

Van die studente word verwag dat hulle 'n praktiese vaardigheid volgens die eise van die ambag moet verwerf as 'n grondslag vir die oplossing van probleme by die ontwerp en vervaardiging van artikels. Vanselfsprekend kry hulle ook die nodige wetenskaplike inligting.

Die silwersmidstudente moet weer die verlore Kaaplandse tradisie hervat en ook dien as ontwerpers vir 'n toekomstige Suid-Afrikaanse nywerheid vir tafelgerei.

Onder die huidige studente is nie min talent nie, maar die beperkte opleidingstyd laat nie toe dat hulle 'n professionele standaard bereik nie. Wie dus die veelvuldige moontlikhede wil sien, moet maar na die werk van die dosente kyk wat van tyd tot tyd deur hulle eie werk 'n idee gee van wat gedoen kan word.

Die skrywer hiervan het onlangs 'n skinkbord en ses wynbekers gemaak wat deur die Diplomatieke Korps aan die afgetrede Staatspresident, mnr. C. R. Swart, en mev. Swart geskenk is. Die skinkbord en die bekers is van sterling silwer gehamer. Op die bekers en die skinkbord is ametiste aangebring. Die buitevlakke van die artikels is deur etswerk versier. Die dedikasie is ook geëts. Die bekers is aan die binnekant vuurverguld. Vuurvergulding oortref galvaniese vergulding in skoonheid en duursaamheid verreweg, maar weens die tegniese ingewikkeldheid van die proses word dit vandag net by wyse van uitsondering gedoen.

Die rand van die bekers is twee millimeter dik,

maar die gronddeel is dun. Daardeur voel hulle aangenaam vir die mond, stewig maar lig. Die goud op die binnekant van die bekers gee veral aan rooi wyn 'n verleidelike glans.

Die vervaardiger wens dat die ontvanger van die bekers hulle dikwels en graag daardeur sal laat verlok. Volgens die geloof van die ou Grieke sal die ametiste die bedwelmende invloed van die inhoud teëwerk.

R. CHRISTENSEN

[Mnr. Christensen se opleiding is tipies van dié vir Duitse kunstenaars. Na 'n vakleerlingskap in goudsmeewerk van 3½ jaar in sy geboorteplek Bremen, het hy 2½ jaar gewerk. Daarna het hy 9 semesters by die *Akademie der Bildende Künste* in München aan die skool van prof. F. Rickert gestudeer, waar hy die titel Meester Goudsmid en Silwersmid verwerf het. Hy het 4 jaar as vryskeppende kunstenaar in Bremen gewoon, voordat hy in 1964 deur die *Staatliche Fachschule Für Smuck und Glas* in Kaufbeuren/Bayern gevra is om daarheen te kom om die silwersmidafdeling te lei. Twee jaar later het hy na Stellenbosch gekom. – *Redakteur Matieland.*]

B.A. in die Verpleegkunde

Die Universiteit van Stellenbosch bied soveel verskillende kursusse aan dat voornemende studente en hulle ouers dikwels nie kennis dra van nuwe kursusse of selfs van wat lank reeds bestaan nie.

Die Universiteit se *Jaarboek* is op aanvraag by die Registrateur (Akademies) gratis verkrygbaar en bevat al die besonderhede.

Het u al gedink aan die reusagtige hospitale wat opgerig word en waar die dames wat aan die hoof van sulke inrigtings of departemente daarvan staan hulle vakkundige en administratiewe opleiding moet kry?

Die B.A. in Verpleegkunde is die Universiteit se antwoord hierop. Dit is 'n vierjarige kursus bestaande uit Sosiologie I, Maatskaplike Werk 1, Afrikaans I, Sielkunde III, Verpleegkunde IV. Hierna kan boonop in allerlei rigtings gespesialiseer word.

Die student kom dadelik op die provinsiale diensstaat teen R1,020–R1,290 per jaar, maar klasgeld en losies word afgetrek. Maandeliks hou die student ongeveer R30 oor as sakgeld. Die opleiding is deels op Stellenbosch en deels aan die Karl Bremer-Hospitaal.

In *Matieland* van April 1967 verskyn die gelofte en 'n foto van die eerste finale jaar studente (1966).

Die silwer drinkbekers en skinkbord.
V.l.n.r.: Prof. O. E. H. Schröder (Beeldende Kunste), mnr. R. Christensen (lektor en vervaardiger), prof. H. B. Thom (Rektor).

Leerlingverpleegster E. M. M. Blaauw besig om 'n blad te dek in die teater, Karl Bremer-Hospitaal. In die agtergrond is sterilisators.





Lugvaartkundige Ingenieurswese

Vanaf volgende jaar bied die Fakulteit van Ingenieurswese 'n kursus in Lugvaartkundige Ingenieurswese aan. Gedurende die eerste vier jaar van die kursus word dieselfde vakke bestudeer as wat vir Werktuigkundige Ingenieurswese voorgeskryf is, gevolg deur 'n vyfde spesialisasiejaar. 1968 sal dus reeds 'n finalejaarklas oplewer.

Aangesien 'n studie van Lugvaart, hoe basies dit aanvanklik ook mag wees, gevorderde laboratoriumtoerusting vereis, is die verkryging van geskikte apparaat een van die probleme wat ondervind word met die voorbereiding vir hierdie kursus. 'n Aantal baie waardevolle skenkings is reeds ontvang en die Universiteit is baie dank verskuldig aan die instansies wat ons te hulp gekom het. 'n Paar stukke apparaat soos 'n klein vuurpyl- en 'n stustraalenjin en 'n klein kontinue vloei supersoniese windtonnel is reeds in die Werktuigkundige Departement se werkswinkel vervaardig. Op een van die meegaande foto's word die skokgolwe om 'n liggaam in die klein supersoniese tonnel getoon.

Op die oomblik word 'n groter supersoniese tonnel van die afblaastipe gebou. Dit sal 'n werkseksie van ses duim vierkant hê en lugsnelhede tot driemaal klanksnelheid lewer. Dié tonnel se balans waarop die toetsmodelle gemonteer word sodat die kragte op en drukverspreiding oor hulle gemeet kan word, is op die ander foto te sien. Die foto toon die balans soos opgestel vir kalibrasietoetse.

H. V. HATTING



Foto bo :
Skokgolwe om 'n liggaam in 'n windtonnel.

Foto onder :
Die windtonnel se balans opgestel vir kalibrasietoetse.

Gelukwense met besondere Prestasies

Dr. T. W. (Bob) De Jongh die nuwe president van die S. A. Reserwebank

Veral oud-Maties van 1932–36 sal trots voel op dr. Bob de Jongh wat die hoë onderskeiding behaal het dat hy in April vanjaar as die nuwe President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank aangestel is. *Matieland* wens hom hartlik geluk daarmee.

Dr. De Jongh is op 15 Desember 1913 te Gouda, in die distrik Tulbagh gebore. Hy het die B.Sc.-graad en M.Sc. in Wiskunde te Stellenbosch behaal (1932–36) waarna hy aan die Universiteit Columbia, New York (1936–39) die M.A.-graad in Ekonomie en Ekonomiese Statistiek en in 1941 die D.Comm.-graad te Pretoria behaal het.

Hy was o.a. deeltydse navorser onder die Unie-Onderwysdepartement, statistikus van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, hoof van die Departement van Ekonomiese Navorsing en Statistiek van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en verantwoordelik vir die publikasie van die Reserwebank se *Kwartaalblad*. Van 1962 tot 1967 was hy Uitvoerende Assistent van die S.A. Reserwebank en het hy in adviserende hoedanigheid tot die President opgetree.

Dr. De Jongh het beide op Stellenbosch en op Columbia volkleure in tennis verower. Hy was in Dagbreek tuis waar hy lid van die huiskomitee was.

Hy is getroud met Annatjie, enigste dogter van die digter A. G. Visser. Sy was van 1936 tot '37 op Stellenbosch en daarna aan die Kollege van Musiek in Kaapstad. Die egpaar het drie seuns en twee dogters.

Die Nuwe President van die Reserwebank.

Toekennings deur die S. A. Akademie

Op 26 Mei 1967 het die Raad van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns drie professore van die Universiteit van Stellenbosch hoog vereer.

Professor G. B. A. Gerdener sal die D. F. Malan-medalje ontvang.

Professor A. J. Brink ontvang die Havenga-prys vir sy prestasies in die Geneeskunde.

Professor W. Kempen ontvang 'n besondere erepenning vir sy bydrae tot die Afrikaanse Taalwetenskap.

(Die motiverings en meer besonderhede sal in die Desember-uitgawe van *Matieland* verskyn.)

Rosa Nepgen, bekende komponiste en eggenote van prof. W. E. G. Louw (Afrikaans-Nederlands) ontvang 'n erepenning vir musiek.

Wenners van Medaljes

GOUE MEDALJE
AAN PROF. J. C. SWART

Tydens die jaarkongres van die *Suid-Afrikaanse Vereniging vir Diereproduksie* wat van 25–28 April in Johannesburg gehou is, is die Goue Medalje vir 1967 toegeken aan prof. J. C. Swart wat voor sy aftrede hoof van die Departement van Veeteelt van die Stellenbosch-Elsenburg Landboukollege van die Universiteit van Stellenbosch was.

Hierdie medalje word toegeken aan 'n persoon wat, volgens die mening van die Raad van die Vereniging, oor 'n lang termyn uitmuntende dienste aan die veebedryf in Suid-Afrika gelewer het.

Prof. Swart was vir 'n ononderbroke termyn van 41 jaar verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch en hy het gedurende hierdie tyd 'n uitstaande bydrae gelewer as dosent, navorser en bedryfsraadgewer.

Dié toekenning strek nie net vir prof. Swart tot eer nie, maar ook tot eer van sy Alma Mater wat hy met soveel onderskeiding gedien het.

Prof. J. C. Swart



SILWER MEDALJE
AAN DR. B. D. H. VAN NIEKERK

By dieselfde geleentheid is die *Silwer Medalje* van die Vereniging aan 'n jong navorser, dr. B. D. H. van Niekerk, ook 'n oud-student van die Universiteit van Stellenbosch, toegeken. Hierdie medalje word jaarliks toegeken aan 'n lid van die Vereniging wat volgens die mening van die Raad die mees verdienstelike oorspronklike navorsingswerk op die gebied van diereproduksie gedurende die lopende jaar die lig laat sien het.

Dr. Van Niekerk is tans verbonde aan die navorsinsgpersoneel van die Döhne-navorsingstasie in die Oos-Kaap.

HAMILTON-MAYNARD-
GEDENKMEDALJE
AAN DR. H. P. WASSERMANN

Die Hamilton-Maynard-gedenkmedalje wat jaarliks toegeken word aan die skrywer van die mees uitstaande bydrae wat in die S.A. Tydskrif vir Geneeskunde verskyn, is vanjaar aan dr. H. P. Wassermann toegeken. Dr. Wassermann wat die onderskeiding verwerf het met 'n artikel getitel „Leucocytes and melanin pigmentation", het die medalje ontvang by geleentheid van die Suid-Afrikaanse Mediese Kongres wat in Julie vanjaar in Durban gehou is.

NICOLAAS PAUW VEROWER
HANLIE VAN NIEKERK-STIPENDIUM

Die Hanlie van Niekerk-stipendium wat onlangs deur die Universiteit van Stellenbosch ingestel is, is verower deur mnr. N. E. Pauw. Die mededinging om die gesogte stipendium het o.a. by wyse van open-

Mnr. N. E. Pauw



bare konsertuitvoerings op 11 en 12 April plaasgevind. By die toekenning word ook die akademiese prestasies van die kandidate in aanmerking geneem.

Mnr. Pauw wat tans verbonde is aan die personeel van die Opleidingskollege Paarl, het die grade B.Mus. en Hons.-B.Mus. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

Mnr. Pauw het met 'n orreluitvoering aan die kompetisie deelgeneem en is voornemens om met behulp van die stipendium sy studie in die kerkmusiek voort te sit. Die stipendium wat sy ontstaan te danke het aan 'n skenking van die bekende sangeres, Hanlie van Niekerk, bedra R800 vir een jaar musiekstudie in die buiteland.

Die Beste S.A. Studentekoerant van 1966

Die Matie, die tweeweeklikse Stellenbosse studentekoerant, is aangewys as die beste S.A. Studentekoerant vir 1966.

Die kompetisie vir Suid-Afrikaanse studentekoerante word gereël deur die voorsitter van A.S.P.U. Die paneel van beoordelaars bestaan uit mnre. J. J. van Rooyen, mede-redakteur van *Die Transvaler,* die hoofnuusredakteur van *Die Burger* en die assistent-redakteur van *Die Volksblad.*

„Dit was 'n sieraad om *Die Matie* te lees. *Die Matie* was die skoonste Suid-Afrikaanse studentekoerant", was mnr. Van Rooyen se kommentaar.

Mnre. Ernst Lombard en Jan Kirsten wat aan die hoof gestaan het van *Die Matie* is veral gelukgewens met die tegniese versorging.

Die Rektor, prof. H. B. Thom, het die redaksie in die volgende woorde per brief gelukgewens:

„Hiermee wens ek, namens die Universiteit, u en u blad van harte geluk met die groot onderskeiding wat u te beurt geval het. Om 'n tydskrif te beheer en te redigeer, is in die algemeen geen maklike taak nie; om 'n studentekoerant te beheer en te redigeer, is inderdaad 'n buitengewoon moeilike taak omdat 'n mens in die studentelewe met heel besondere probleme te kampe kry."

„As demokrate waardeer en verdedig ons die reg van gesonde meningsuiting, want slegs deur stimulerende, oorspronklike denke kom ons tot positiewe, vrugbare resultate van blywende betekenis. En om dit op so 'n hoë peil te doen dat daar, van buite af, klinkende, objektiewe erkenning daarvoor kom, is 'n aansporing en besieling op die weg vorentoe."

„Sukses en seën op u verdere arbeid toegewens. Mag *Die Matie* steeds help om Stellenbosch in gees en tradisie te hou wat hy is en wat ons hom in die toekoms ook altyd graag wil hê."

Die wenredaksie 1966
Voor: *Hedley Smith, Jan Kirsten (subred.), Stella van Deventer, Ernst Lombard (redakteur), Ena Nel, Org Potgieter (sportred.), Adelbert Scholtz (kunsred.).*
Middel: *Etienne de Villiers, Pietie le Roux, Fanie Jacobs, Ingrid Zammit, Jac. du Preez, Carlo Loubser, Louis Claasen.*
Agter: *Carlé Celliers, Peter Veldsman, Otto Terblanché, Dirk Hertzog, Werner Scholtz.*

Drie geslagte Maties in lewende lywe op een foto

OUPA: Mnr. Alexander Stadion is gebore op 4 Februarie 1881 en woon tans in Die Laan, Stellenbosch. In 1902 het hy sy B.A.-graad in klassieke tale behaal. Hy is dadelik „beroep" as onderwyser te Riebeeck-Wes en het deur privaatstudie die T2 behaal. Hy het sy loopbaan afgesluit as hoof van die Hoërskool Piketberg in 1937. Hy wil nog net so lank pensioen trek as wat hy skoolgehou het.

DOGTER: Mev. Hester Alexandra van Dyk is die eggenote van ds. D. C. van Dyk van die N. G. Gemeente Velddrif. Sy het die wetenskappe bestudeer en in 1936 die B.Sc.-graad behaal en die S.O.D. in 1937. Voor haar huwelik het sy op Wynberg en Bloemhof skoolgehou.

KLEINSEUN: Mnr. Louis August van Dyk was in 1966 'n adelbors in die S.A. Vloot. Hy volg vanjaar as eerstejaar die kursus vir die graad B.Sc. in die Ingenieurswese. Hy loseer in *Ian Smith!*

Watter oud-Maties kan dit ewenaar of oortref?
Laat *Matieland* van u hoor!

Tennisspringbok

Op hierdie foto sien u mej. *Greta Delport,* Maties se tennisspringbok. Sy het springbokkleure verwerf toe sy in die Federasiebekerspan opgeneem is.

Sy bring haar dank aan haar vader en mnr. Brian Bands wat haar afgerig het toe sy 'n leerling was aan die Hoërskool Andrew Rabie in Port Elizabeth. Sy sê mnr. Houba, afrigter in tennis aan die Universiteit van Stellenbosch, het 'n groot deel bygedra tot haar sukses. Verskeie wêreldbekende tennisspeelsters moes al die knie voor haar buig.

Op die 18e Mei het sy, saam met Annette van Zyl en Glenda Swan vertrek om in Parys, Berlyn en op Wimbledon te speel.

Mej. Delport is in haar derde jaar en neem Afrikaans-Nederlands en Geskiedenis as hoofvakke met die oog op latere onderwys.

Mej. Greta Delport



Prudential Assurance Building,
84 Main Street,
JOHANNESBURG.
21st April 1967.

Prof. J. C. de Wet,
Faculty of Law,
University of Stellenbosch,
STELLENBOSCH.

Dear Prof. De Wet,

We thought it would interest you to know that we consider that the LL.B.'s who are articled to us from time to time and who have qualified from Stellenbosch show a greater aptitude for and knowledge of law than law graduates from other faculties.

Yours sincerely,
(SGD.) C. FRIEDMAN.
(Hayman, Godfrey & Sanderson)

Dommer of Slimmer as vandag s'n?

In 1902 het die *University of The Cape of Good Hope* die volgende grade toegeken :

KOLLEGES	M.A.	B.A. (Litt. & Phil.)	B.A. (Math. & Sc.)	Totaal
Victoria-College (Stell.)	1	10	2	13
S.A. College (Kaapstad)		6	13	19
Privaat	1	4	1	6
Dioceson College (Rondebosch)		4	1	5
St. Andrew's College (Grahamstad)		1		1
Gill College (Somerset-Oos)		1		1
Huguenot College (Wellington)		2	1	3
Totaal toegeken	2	28	18	48
Druipelinge		13	7	20
Afwesig van Eksamen		2	1	3
Totaal Kandidate	2	43	26	71
% Geslaag	100	65	69	67.6

Op 8 en 9 Desember 1966 en met die aanvullende gradeplegtigheid op 3 Maart 1967 is deur die Universiteit van Stellenbosch alleen 20 doktorsgrade, 1,152 grade en 451 diplomas toegeken.

Oud-Maties

Dagbreek Vereer sy Tweede Premier

Huidige en oud-Dagbrekers het op Maandag, 22 Mei 1967, in Dagbreek vergader om hulde te bring aan die Eerste Minister, mnr. B. J. Vorster, 'n oud-Dagbreker wat in 1934 sy ontgroening beleef het.

Ds. Tappies Möller het die heildronk op mnr. Vorster ingestel op so 'n wyse dat 'n luimige stemming vir die aand geskep is. Hy het vertel dat mnr. Vorster reeds vroeg in die politiek belang gestel het, want reeds in 1937 het hy hom vir die huiskomitee verkiesbaar gestel — en uitgeval. Die volgende jaar is hy darem gekies as doopkaptein.

Op ligte toon het mnr. Vorster gesê dat hy in Dagbreek geleer het om nie oor gras te loop nie – 'n les uit sy sottetyd. Toe mev. Vorster hom gevra het of hy darem kos sal kry in Dagbreek, het hy geantwoord: „Kameel en olifant", en nie verder verduidelik nie.

Hy is bly dat sy vrou destyds in Monica was, want geen ander koshuis het so 'n lang laning vir 'n „kiss-me-quick" nie.

Op ernstiger toon het hy hulde gebring aan wyle dr. H. F. Verwoerd, die grootste Dagbreker, met die woorde: „Ek het hom sien sterf, maar die ideale wat hy voorgehou het, is nog die moeite werd om na te streef".

„Elkeen moet die plek waar jy is, volstaan en jou verantwoordelikhede dra. Die herinneringe aan Dagbreek maak daardie las ligter".

'n Album wat deur honderde inwoners en studente van Stellenbosch onderteken is, is deur mnr. Hennie Smit, L.V. vir Stellenbosch, aan mnr. Vorster oorhandig.

V.l.n.r.: Mnr. Vicky le Roux (Primarius van Dagbreek en Voorsitter van die Studenteraad), mnr. J. F. W. Haak (Minister van Ekonomiese Sake), mnr. B. J. Vorster, mnr. M. C. Botha (Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en -onderwys).
Foto: *Die Burger*



Die Huisvergadering:

Na die formele ontvangs is verdaag na die boonste saal waar 'n *huisvergadering* gehou is onder voorsitterskap van die Premier.

Die asbak, 'n tweepond konfytblik, was groot genoeg vir 'n lang vergadering.

Die voorsitter het die vergadering dadelik tot ordelikheid gemaan met: „Gedra julle – dit is nie 'n kabinetsvergadering of Tappies Möller se kerkraadsvergadering nie".

Piet van Rooyen is gevra om die huislied in te sit, maar hy het in die eerste plek die woorde vergeet en in die tweede plek te hoog ingesit. Die jonger geslag het egter tot redding gekom en begin sing. Geleidelik het die ouer garde sterker meegedoen sodat die einde, hoewel nie juis melodieus nie, tog baie triomfantlik was.

Van die eerstejaars het 'n heilige ontsag vir die premier gehad, maar hy het hulle gerus gestel want, „Daai ding van sewe dae by die Silbersteins en neëntig dae by die Vorsters is verby".

Die oudste Dagbreker teenwoordig was prof. J. M. le Roux (1922). Geen wonder dus dat een van die jonger geslag gekla het dat die ouer Dagbrekers se koppe so blink dat hy nie die voorsitter kan sien nie.

As afskeid het die primarius, mnr. Vickie le Roux, aan mnr. Vorster 'n Dagbreekdas geskenk wat die Premier dadelik om sy nek geknoop het onder luide toejuiging.

Nou is Ek 'n Oud-Matie

Mej. M. G. Strijdom skryf van Steytlerville af:

„Met aangename gevoel in die hart het ek my eerste *Matieland* ontvang – die eerste keer dat ek nie meer 'n Matie is nie, maar 'n oud-Matie. Baie dankie!"

„Dit was lekker om van al die Matie-bedrywighede te lees, veral nou dat ek so ver van Stellenbosch af in die garde van die onderwysers is."

„Ek sluit 'n ietsie in vir die Matielandfonds." (30 Mei 1967.)

(Dit is alte waar, Juffrou, eers as jy van Stellenbosch af weg is, weet jy hoe diep *Matieland* in jou wese gedring het. Snaaks genoeg – die afstand in myle en lengte in jare laat die beeld van Matieland nooit veryl nie.

Sorg net dat die redakteur altyd betyds van u veranderinge in adres en later ook veranderinge in u van te hore kom. Dan bly die band soveel beter behoue.

Baie dankie vir u bydrae tot die Matielandfonds. So word u een van die bouers en onderhouers van u alma mater.

Mag u baie vrugbaar wees in die opbou van die gees en die kennis van die kinders van ons volk. – Red.)

Nuus van Oud-Matiebondtakke

SAAMTREK OP BEAUFORT-WES

Die wakker bestuur van die Oud-Matiebondtak van Beaufort-Wes het weer eens 'n uiters geslaagde funksie op 17 Maart gereël. Die saamtrek het saamgeval met 'n byeenkoms van boere van die omliggende streke.

Die Oud-Maties het gevoel dat hulle 'n diens aan die plaaslike boeregemeenskap moet lewer en het met die Departement van Ontwikkeling gereël dat personeellede van die Universiteit as sprekers oorkom. Prof. F. X. Laubscher (Professor in Erflikheidsleer) en mnr. A. J. Esterhuyse (Openbare Inligtingsbeampte) het die saamtrek bygewoon.

Die verrigtinge van die dag is met 'n uiters geslaagde dinee afgesluit wat deur ongeveer 150 oud-Maties en ander gaste uit die boeregemeenskap bygewoon is.

MALMESBURY

Die bestuur van die Oud-Matiebondtak van Malmesbury reël 'n saamtrek vir 17 Augustus. Prof. J. P. Jansen (Hoof van die Departement van Afrika-Studie) en mnr. A. J. Esterhuyse (Openbare Inligtingsbeampte) sal die funksie namens die Universiteit bywoon.

Die tak hou slegs hierdie een funksie en oud-Maties word gevra om dadelik met die sekretaresse mev. T. van Rooyen, Rainierstraat 74, Malmesbury, te skakel.

UMPA SE VRYDAGKLUB

Mnr. Gerhard Visser, sekretaris van U.M.P.A., vertel van hulle suksesvolle vleisbraaifunksie waarop sowat 60 oud-Maties teenwoordig was. UMPA gaan bepaald verder uitbrei volgens die planne wat mnr. Visser noem.

Luister hierna: „Ons vergader tans elke tweede Vrydagmiddag na werk by die Klub R.S.A. om sommer 'n bietjie gesellig saam te verkeer. Die bywoning wissel gewoonlik tussen 15 en 30 persone. Heelwat

nuwe intrekkers is al op dié manier betrek. Wanneer hierdie *Vrydagklub* 'n sukses blyk te wees, is die idee om dit 'n weeklikse instelling te maak!"

Benewens bogemelde het UMPA nog 'n sak val planne. Laat *Matieland* meer daarvan hoor wanneer hulle tot verwesenliking kom! Oud-Maties van die Wes-Rand kan gerus skryf aan mnr. G. Visser, Posbus 8737, Johannesburg.

Ons hoop die ete-dans en die cabaretvertoning van 6 Junie was 'n groot sukses!

ROM-ROM! OOSRAND

Die Oosrandse Oud-Matiebondtak het op 25 Februarie in die Heidelbergkloof gaan vleis braai en sommer hulle nuwe bestuur soos volg gekies: Mnr. Lucas Nel (Voorsitter), mnr. Ben Schmidt (Ondervoorsitter), mej. Annie van der Merwe (Sekretaresse) en mnr. Hugo Beyers (Penningmeester).

Op 8 September word die jaarlikse dinee waarskynlik op Kempton Park gehou. Belangstellendes kan verdere besonderhede kry van mnr. Nel (foon: 53-1575) en van mej. A. van der Merwe, Peronneweg 14, Delville, Germiston (foon: 51-1575).

WITBANK

Op 19 Mei het 25 van Witbank se oud-Maties in die Hotel Carlton gesellig verkeer. Onder die gaste was ook „die gelukkiges wat met oud-Maties kon trou".

Dankie vir die beriggie, mev. Coetzee. Ons hoop daar word nog baie meer gelukkig gemaak.

Van Heinde en Ver

Mnr. J. G. van der Horst is met ingang 1 Mei 1967 aangestel as groep-hoofbestuurder van die Ou Mutual. Sy oom, wyle mnr. J. G. van der Horst, was 'n voormalige voorsitter van 1944 tot 1948.

Sy vader se ander broer, wyle mnr. Alex van der Horst, was 'n bekende opvoedkundige en sportman op Stellenbosch.

In 1940 het mnr. Van der Horst die graad B.A. (Regte) en in 1942 sy LL.B. met lof verwerf te Stellenbosch.

Hy is getroud met mej. Gertruida le Roux. Die egpaar het drie kinders, van wie die oudste, Christine, 'n derdejaarstudent in die regte op Stellenbosch is. Evert en Henning is nog op skool.

Mnr. M. A. Davies (H.P.O.D., 1953) skryf dat hy en 'n ander oud-Matie, mnr. P. M. Laridon (B.Sc., S.O.D., 1962), personeellede van die C.B.C., Bulawayo, daarvan hou om oor hulle dae op Stellenbosch te gesels. Intussen het hy reeds sy M.A. behaal aan Unisa en werk tans aan sy doktorstesis.

Hy vervolg: „I am only sorry that I have to be a part-time student and have not been able to continue my studies at Stellenbosch where I found nothing but kindness and co-operation from professors and lecturers. May Stellenbosch flourish ever more and more." (23 April 1967.)

Mnr. H. Wilhelmij (M.Sc. Bosbou, 1964) is by die Usutu Pulp Maatskappy, Mhlambanyati, Swaziland, aangestel as Hoof Bosboukundige van die eerste Junie 1967. Baie geluk!

Waardering uit Frankryk

Geagte Heer,

Net so 'n woordjie om my groot waardering uit te spreek vir die getrouheid waarmee u my op hoogte hou van die gebeurtenisse in *Matieland*.

Matieland is darem altyd so keurig versorg – die foto's mooi geneem en goed afgedruk – werklik 'n genoeë om te sien en te lees. Mens kry maar 'n bietjie heimwee na die land van sonskyn.

En nou kom daar onlangs nog die nommer vir die inwyding van die H. B. Thom-Teater. Dis 'n mooi aanwins vir die Universiteit en ook 'n passende hulde aan die Rektor vir wat hy al die jare vir die Universiteit gedoen en vir die land beteken het.

Dit is 'n genoeë om bv. op die foto van die gehoor soveel vriende en vriendinne te herken wat my vrou en ek ons herinner.

Met vriendelike groete,
Dienswillig die uwe,
(w.g.) J. v. d. Berg,

La Briqueterie,
Bordigny par Breteuil-sur-Iton,
Eure-France.

(Dr. Jan van den Berg was tot onlangs nog die Nederlandse Ambassadeur in Kaapstad waar hy die deken van die diplomate was. *Matieland* sê aan hom: „Hartlik dankie", en wens hom en mev. Van den Berg, albei stoere vriende van Suid-Afrika, 'n aangename rustyd toe. Ons versoek is net dat dr. Van den Berg ons op hoogte hou van sy adresveranderinge. – Red.)

Maties op die Voorposte

Mnr. Barry de Vos skryf :

Met die sluiting, 'n paar jaar gelede, van die Van Riebeeck-skool te Thomson's Falls in Kenia, kon 'n mens nie help om met weemoed terug te dink aan die jare daar deurgebring en ondervindings opgedoen nie.

Al het die skool maar ongeveer veertien jaar gefunksioneer, was dit nogtans 'n getuigskrif van die moed en deursettingsvermoë van 'n klompie Afrikaners om ook in die vreemde hulle godsdiens, taal en kultuur te handhaaf.

In die geskiedenis van die skool het oud-Maties 'n belangrike rol gespeel. Drie van die hoofde, heelwat van die personeel en dominees wat lede was van die Beheerraad, was Maties. Hoffie Retief (B.Sc. Stell.), 'n boer by Thomson's Falls en sy vrou Magriet (B.A.) wat jare lank die sekretaresse van die Raad was, moes ook soms inspring tydens personeeltekorte.

Vir my en my vrou was dit 'n voorreg om meer as drie jaar, gedurende die hoogtepunt van die skool, toe daar ongeveer 150 leerlinge en 10 onderwysers was, daar te kon werk.

Oor die skoonheid van die land kan jy nie uitgepraat word nie. Hoewel ongeveer 3 myl noord van die ewenaar, is die klimaat deur die jaar gematig tot koel weens die 7,000 voet hoogte bo seespieël. Wild was volop en as jy 'n buffel, bosvark of bok wou skiet, kon jy net een van die boere bel om jou te kom haal.

Onder die hoogtepunte van ons verblyf was 'n luilekker vakansie by Malinde met sy onvergelyklike ondersese lewe, 'n safari tussen die grootwild in die Noordelike Gebied, 'n reis deur 'n deel van die Kongo langs die Kivumeer na die Berge van die Maan, 'n bootvaart tussen die krokodille en seekoeie van die Nyl, 'n geselsie met Pigmieë in die Ituri-woud, 'n besoek aan Sangiro se Ngorongoro-krater, 'n driedaagse fondsinsameling wat R2,080 vir die skool opgelewer het en die bywoning van 'n Geloftefees met tente, kampvure en toneelopvoerings daar op die ewenaar.

Die hoogste hoogtepunt was om op die hoogste punt van Afrika, die Uhuru-spits van Kilimandjaro, te gestaan het. Die sesdaagse uitstappie was nie maklik nie soos af te lei uit 'n aantekening in die besoekersboek in een van die rushutte: „E. F. Hext lay here, 14-5-1956, and he nearly died owing to hellish cold and a stiff neck".

Nadat die meeste Afrikaners Kenia verlaat het, is die geboue aan 'n sendinggenootskap verkoop as 'n skool vir Naturelle.

(Mnr. De Vos (B.A. 1952) en sy vrou, Janette, (geb. Visser; 1953 : Stellenbosch) is tans in Durban woonagtig waar hy in Natal se Onderwysdepartement werk as Organiseerder van Opvoeding Buite Skoolverband. Wie van diegene wat saam met Barry in 1953 op Kommetjie die jeugleierskursus gevolg het, onthou nog hoe hy die aanstormende trein met knarsende remme tot stilstand gebring het tydens 'n kampvuurnommer met : („Trein, trein staan styf! Hoeveel vingers op jou lyf?")

Mnr. R. B. de Vos

Mev. J. de Vos

So het hulle Matieland help bou

Oom Japie Home

Dit is goed om ter wille van die huidige geslag oud-Maties nog ouer oud-Maties so af en toe aan die vergetelheid te ontruk, veral as hulle nie skouspelagtig was nie, maar stille, hardwerkende en eerbare bouers.

Jacob Daniel Krige is op 23 April 1862 in die pastorie te Prins Albert gebore. Hy was die jongste seun van ds. W. A. Krige (1816–1884) wat in 1846 die eerste N.G.-predikant was wat deur die Ring van Graaff-Reinet gestuur is om die Trekkers oorkant die Oranje te gaan bearbei.

Op dertienjarige ouderdom is hy deur sy vader na Stellenbosch gestuur vir verdere skoolonderrig onder die Engelse skoolhoof, mnr. Milne. Op negentienjarige ouderdom is hy tydelik aan die Gymnasium aangestel as plaasvervanger van die onderwyser in Matesis wat skielik oorlede is. Hy het hom so goed van sy taak gekwyt dat hy permanent aangestel is en veertig jaar lank skoolgehou het.

Hy was die eerste „Old Boy" en die eerste Afrikaanssprekende wat in die personeel aangestel is.

Op drie-en-twintigjarige leeftyd het hy getrou met Christina Elizabeth Beyers, 'n ouer suster van wyle Kommandant-generaal C. F. Beyers. Uit die huwelik is elf kinders gebore.

Drie jaar later is hy aangestel as huisvader by die „Home", een van die eerste skoolkoshuise en so sy bynaam gekry. Ds. W. A. Krige (Ado) was die eerste kind wat in die „Home" gebore is (1888).

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog was Oom Japie as huisvader dikwels in 'n netelige posisie, want baie van die kosgangers was afkomstig van die Transvaal en die Vrystaat. Saans het hulle onder 'n groot pruimboom agter Secunda ('n annexe van ou Prima, die koshuis) vergader en uit volle bors die Transvaalse en Vrystaatse Volksliedere gesing. As teenvoeter, om met die owerhede vrede te hou, het Oom Japie 'n groot Union Jack voor die Home laat wapper!

Oom Japie was een van die stigters van die Union Debating Society, 'n kampvegter vir die Afrikaanse taal en voorsitter van die stigtersvergadering van die A.T.V. in 1907 en daarna lid van die komitee tot op die end.

Hy het die kuns verstaan om geld in te samel vir opvoedkundige doeleindes. Benewens groot bedrae wat hy vir die skool ingesamel het, het hy hom vir die Victoria College beywer.

Op 16 Maart 1909 skryf die registrateur aan hom: „Deur Sir, please note that the College Council at its meeting on the 11 inst. formally appointed the following as a Committee to deal with the matter of collecting an equivalent to the gift of Mr. Carnegie: Prof. J. I. Marais, the Hon. F. S. Malan, Mr. H. F.

Jacob Daniel Krige van die „Home".

Hewett, Dr. W. J. Viljoen, Mr. J. D. Krige, with power to add to their number . . ."

In 1910 is aan Oom Japie deur die Raad van die College opgedra om verder te kollekteer. Hy het £2,500 van Dr. Jameson gekry en later £25,000 by De Beers vir die Skeikunde-gebou.

Oom Japie was lank onderhoof van die skool, was ouderling van die N.G. Kerk en was ook lid van die munisipaliteit.

Hy was 'n liefhebber van veldblomme en het veral in die V.S.A. beroemdheid verwerf met die Sporaxis Tricolor van Namakwaland wat hy laat baster het met die Streptanthus van Tulbagh en so die Krige-Hibriede gekweek het. Ds. Ado Krige van Kleinmond gaan nog voort met die kwekery van die „flower with many faces", soos die Amerikaners dit noem.

Weens sy beminlike geaardheid het hy baie vriende gehad. In 1902 skryf 'n vriend: „Hoe is het met boardinghuizen te Stellenbosch gelegen?" Dan verklap die vriend die rede: „Er zijn op Stellenbosch zooveel voorrechten, dat het voor Miss Joubert een goede voorbereiding voor ons later werk zal zyn als zy een tydlang op die plaats kan vertoeven . . ."

Van Leipzig af skryf 'n geestige vriend in 1892: „ . . . dat ik de tyding vernomen heb dat u nog een kuiken in uw nest heeft opgedoen. Ik wil hopen dat het een gezonde exemplaar mag zyn en u in uwe oude dagen (200 oor 60 of 80 jaar) nog een source of great joy and comfort mag zyn."

Oom Japie Home het egter nie 80 jaar gehaal nie, want op 77 jaar is hy oorlede.

Ds. Ado Krige wat voortgaan met die Krige-Hibriede.



Spykers met Koppe

Die A.S.B. het 'n simposium gehou oor Afrikaner-idealisme van 18 tot 20 Mei 1967. Die Eerste Minister, dr. B. J. Vorster, het op die agtiende die simposium geopen en pitkos ter oordenking aan die studente gegee.

*Stellenbosch moet geluk gewens word dat sy studente in hierdie tyd nog 'n simposium oor *idealisme* kan hou.

*Jongmense moet ook weet waar om die streep te trek. Hulle ‚happen' nie sommer oral nie.

*Die student en jongmens wat nie weet waar om die streep te trek nie – deur sy naam sal uiteindelik 'n streep getrek word.

*Studente is aan die universiteit om te leer hoe om te leef. ‚Pas op dat as u hier weggaan, u nie klaar afgeleef is nie'.

*As daar by u 'n gees is om afsydig te staan teenoor die dinge waarin u vaders en moeders geglo het, omdat studentwees dit van u vereis, weet dan dat u op die verkeerde pad is.

*Die verkryging van die Republiek was opwindend en prikkelend, maar dit is 'n groter taak om hom te behou en uit te bou tot 'n groot republiek wat die leiding aan die republieke van Afrika sal en moet gee.

*Waar dit my geslag se jongmense was wat gehelp het om die Republiek te kry, is dit die huidige geslag jongmense se taak om dit te verdedig teen geestelike en dalk selfs fisieke aanvalle.

Dosente Oorsee

Prof. G. J. Hupkes, hoofekonoom van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit Stellenbosch het Vrydag, 5 Mei op 'n studiereis na Europa vertrek.

Hy is uitgenooi om 'n referaat te lewer op die gebied van ekonomiese vooruitskatting op die 8ste internasionale konferensie van CIRET. (Contact International de Recheres Economiques Tendancielles.) Dit was die 4e keer dat prof. Hupkes die Buro op hierdie twee-jaarlikse konferensies verteenwoordig.

In aansluiting hierby het prof. Hupkes verskeie navorsingsinstitute en universiteite in Europa besoek.

Oud-Maties! U Adresse

Die Universiteit van Stellenbosch wil graag sy band behou met alle oud-Maties.

Indien u self, of 'n ander oud-Matie van wie u weet, nog nie *Matieland* kry nie, vul asseblief die vormpie in en stuur dit aan die redakteur.

Gebruik ook die vormpie om veranderinge van adres aan te dui. Iemand *wat kennis gee* van 'n adresverandering verbly die hart van die redakteur.

DRUKSKRIF ASSEBLIEF

Aan : Die Redakteur, Matieland, Departement van Ontwikkeling, Universiteitskantoor, Stellenbosch.

Van en Voorname : .....

Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej. : ..... Nooiensvan : .....

Werkadres : .....

..... Telefoon Nr. : .....

Woonadres : .....

..... Telefoon Nr. : .....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle : .....

.....

Huidige Betrekking : .....

My vorige adres was : .....

.....

Verdere besonderhede (prestasies, ens.) : .....

.....

.....

.....

Knip uit en stuur asseblief aan Die Redakteur van Matieland

DIE MATIELANDFONDS

Die Redakteur,
Matieland,
Universiteit van Stellenbosch,
STELLENBOSCH.

Geagte Heer,

Aangeheg is my bydrae tot die Matielandfonds ter bestryding van die druk- en verspreidingskoste van *Matieland*.

Naam (Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.) : .....

.....

Bydrae : R.....

(Maak tjeks asseblief betaalbaar aan die *Matielandfonds*. Bydraes word erken per kwitansie en in Matieland.)

GEE 'N MAN 'N LUCKY!

Vervaardig in Suid-Afrika, Rhodesië, V.S.A., Wes-Duitsland, Denemarke, Australië, Holland

Goud van Kleur . . . Ryk aan Geur

VZ 002765/2A



Fair Lady
Die Huisgenoot
Sarie Marais
Die Landbouweekblad
Die Jongspan

LEESGENOT . . . VIR ALMAL!

FRICK SIG-SAG DE LUXE

Doen gewone werk,

Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk,

Name skryf, ens.

HANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE R66

Frick

-NAAIMASJIENE

VOORTREKKER-
WEG 35,
PAROW

TELEFOON
98-6489

KONTRAKTEURS VIR K.H.V.S.

Vir verdere besonderhede sien Verdelings-/Kalenderbladsy in Telefoongids

M·A·T·I·E spells .....

Ja, ons weet wat dit spelle! Grosvenor daarenteen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.

Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers — die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Zodiac, Zephyr en Taunus, middelslagmotors met ongeewenaarde weelde, en die pragtige, gewilde Anglia en Cortina.

As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien — ons voortreflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

GM 599

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73, KAAPSTAD. BEL 2-5521

NASIONALE BOEKHANDEL

doen sy naam eer aan met uitgawes wat altyd aan die hoogste vereistes voldoen.



Bly op die hoogte met die Nasionale Boekhandel-publikasies — letterkundig, geskiedkundig, opvoedkundig, wetenskaplik—alle genres van die literatuur!

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Kaapstad: Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Posbus 2063 · **Parow:** Posbus 119 · **Johannesburg:** Evkomsentrum, Wolmaransstraat. Posbus 9898 · **Durban:** Drakensberg Boekhandel, Smithstraat 411. Posbus 1702 · **Port Elizabeth:** h/v Princess- en Cawoodstraat. Posbus 95 **Bloemfontein:** Maitlandstraat 53; Henrystraat 64. Posbus 1058 · **King William's Town:** Cathcartstraat 51. Posbus 107 · **Pietersburg:** Posbus 248 · **Umtata:** Posbus 259

292A

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier



STAAL VIR VOORUITGANG!

YSKOR, wat meer as driekwart van Suid-Afrika se staalbenodigdhede voorsien, produseer reeds teen 'n peil van sowat 3,000,000 gietblokton per jaar . . . en die syfer styg nog steeds.

Ten einde tred te hou met die toenemende vraag na staal, is YSKOR tans besig met 'n uitbreidingskema wat honderde miljoene rand sal kos en beplan is om sy jaarlikse produksievermoë te verhoog tot sowat 4,500,000 gietblokton teen 1969.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekkings in hierdie groeiende onderneming, wat werke op Vanderbijlpark en in Pretoria, asook ses mynsentrums, omvat. YSKOR het die dienste nodig van bedryfs-, chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word. Die Korporasie het ruimskoots vir die welsyn van sy werknemers voorsiening gemaak.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf saam met talle oud-Maties? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

Hoofkantoor: Posbus 450 Pretoria

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig

VRFA136e